

# Finansiële Jaarstate

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale soos op Junie 2011



38



## Inhoud

Sertifikaat van die Maatskappysekretaris .....	39
Valuta van die Finansiële Jaarstate .....	39
Verslag van die Onafhanklike Ouditeur .....	39
Direkteursverslag .....	40
Staat van Finansiële Posisie .....	42
Staat van Omvattende Inkomste .....	43
Staat van Veranderings in Ekwiteit .....	44
Kontantvloeistaat .....	45
Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate .....	46
Rekeningkundige Beleid .....	46
Segmentontleding .....	56
Aantekeninge .....	57
Belange in Filiale .....	100

### NASIENER VAN DIE FINANSIËLE JAARSTATE

In ooreenstemming met die vereistes van die Suid-Afrikaanse Maatskappywet 71 van 2008 (soos gewysig), openbaar die Groep dat die finansiële jaarstate deur Mnr. M Bosman, CA(SA), nagesien is.

## Sertifikaat van die Maatskappysekretaris

In my hoedanigheid as maatskappysekretaris, bevestig ek hiermee dat, ingevolge die Maatskappywet 71 van 2008 (soos gewysig), Shoprite Holdings Beperk vir die jaar geëindig Junie 2011 al die opgawes wat ingevolge die voormelde Wet vereis word, ingedien het, en dat al sodanige opgawes na my beste wete waar, korrek en op datum is.



**PG du Preez**

26 Augustus 2011

## Valuta in Finansiële Jaarstate

Die finansiële jaarstate word in Suid-Afrikaanse rand weergegee. Die benaderende randkoste van 'n eenheid van die volgende geldeenhede op jaareinde was:

	2011	2010		2011	2010		2011	2010
VSA dollar	6.770	7.745	Botswana pula	1.035	1.080	Indiese roepee	0.152	0.166
Pond sterling	10.873	11.737	Ugandese sjieling	0.003	0.003	Ghanese cedi	4.455	5.341
Euro	9.825	9.674	Malawiese kwacha	0.045	0.052	Malgassiese ariarie	0.004	0.003
Zambiese kwacha	0.002	0.001	Maritiaanse roepee	0.242	0.244	Nigeriese naira	0.045	0.052
Mosambiekse metical	0.239	0.224	Angola kwanza	0.073	0.083	Tanzaniese sjieling	0.004	0.005

## Onafhanklike Ouditeursverslag

Ons het die groepsfinansiële jaarstate en finansiële jaarstate van Shoprite Holdings Beperk geoudit. Hierdie finansiële state bestaan uit die gekonsolideerde en afsonderlike state van finansiële stand soos op 30 Junie 2011, en die gekonsolideerde en afsonderlike state van omvattende inkomste, veranderings in ekwiteit, en kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, en 'n opsomming van beduidende rekeningkundige beleid en ander verduidelikende inligting, en die direkteursverslag, soos uiteengesit op bladsye 40 tot 100.

### DIREKTEURE SE VERANTWOORDELIKHEID VIR DIE FINANSIËLE STATE

Die maatskappy se direkteure is verantwoordelik vir die opstel en redelike voorstelling van hierdie finansiële state ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika, en vir sodanige interne beheer as wat die direkteure nodig ag om die opstel van finansiële state, wat vry is van wesenlike wanvoorstelling, hetsy weens bedrog of foute, in staat te stel.

### AUDITEUR SE VERANTWOORDELIKHEID

Dit is ons verantwoordelikheid om op grond van ons audit 'n mening oor hierdie finansiële state uit te spreek. Ons het ons audit ooreenkomstig 'International Standards on Auditing' uitgevoer. Daardie standaard vereis dat ons voldoen aan etiese vereistes en die audit beplan en uitvoer om redelike gerusstelling te verkry of die finansiële state vry is van wesenlike wanvoorstelling.

'n Oudit behels die uitvoer van prosedures om auditbewyse te verkry oor die bedrae en openbaarmaking in die finansiële state. Die prosedures wat gekies word hang af van die ouditeur se oordeel, insluitend die beoordeling van die risiko's van wesenlike wanvoorstelling van die finansiële state, hetsy weens bedrog of foute. Tydens

daardie risikobeoordeling oorweeg die ouditeur interne beheer relevant tot die entiteit se opstel en redelike voorstelling van die finansiële state, ten einde auditprosedures te ontwerp wat in die omstandighede toepaslik is, maar nie met die doel om 'n mening uit te spreek oor die effektiwiteit van die entiteit se interne beheer nie. 'n Oudit sluit ook 'n evaluering van die toepaslikheid van rekeningkundige beleid wat gebruik is en die redelikeheid van rekeningkundige ramings wat deur bestuur gemaak is in, asook 'n evaluering van die algehele voorstelling van die finansiële state.

Ons glo dat die auditbewyse wat ons verkry het, toereikend en toepaslik is om 'n grondslag vir ons auditmening te bied.

### MENING

Na ons mening is die finansiële state, in alle wesenlike opsigte, 'n redelike voorstelling van die gekonsolideerde en afsonderlike finansiële stand van Shoprite Holdings Beperk soos op 30 Junie 2011, en van die maatskappy se gekonsolideerde en afsonderlike finansiële prestasie en gekonsolideerde en afsonderlike kontantvloei vir die jaar wat op daardie datum geëindig het, ooreenkomstig 'International Financial Reporting Standards' en die vereistes van die Maatskappywet van Suid-Afrika.



**PricewaterhouseCoopers Geïnk.**

Direkteur: NH Döman

Geregistreerde Ouditeur

Kaapstad

26 Augustus 2011



# Direkteursverslag

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale

## AARD VAN DIE ONDERNEMING

Shoprite Holdings Beperk ("Shoprite Holdings" of "die Groep") is 'n beleggingshouermaatskappy wat op die JSE Beperk sekuriteitsverhandeling ("JSE") in die "Voedselklein- en -groothandelaars"-sektor genoteer is. Sekondêre noterings word ook op die Namibiese en Zambiese Effektebeurse gehandhaaf.

## DIE GROEP BESTAAN UIT DIE VOLGENDE HOOFBEDRYFSFILIALE:

### Shoprite Checkers (Edms) Bpk:

**Supermarkte:** Bedien 'n breë kliëntebasis deur ons Shoprite-, Shoprite Hyper-, Checkers-, Checkers Hyper- en Usave-winkels. **Versaffingskettingbestuur:** Die Groep se afsetpunte in 16 lande word deur 'n hoogs gesofistikeerde versaffingsketting bedien. Die Groep beroem hom op sy moderne verspreidingsproses en is die eerste Suid-Afrikaanse kleinhandelaar wat die ISO 9002-akkreditering vir in- en uitvoerhantering verwerf het.

**Kitskos:** Die Hungry Lion-ketting, wat van 'n klein kitskosverkoop punt ontwikkel het, spog nou met moderne, goed ontwerpte winkels met voldoende sitplek en 'n sterk klem op braaihoender. Hungry Lion ding mee in dieselfde mark as bekende Amerikaanse braaihoender-franchises. Die ketting voorsien 'n wye verskeidenheid gehalteprodukte, wat verbruikers meer waarde vir geld bied in 'n vinnige en vriendelike omgewing.

**Franchise:** Die OK Franchise-afdeling staan franchise-lisensies aan kleinhandelsupermarkte, drankwinkels en groothandelaafsetpunte, elk met sy eie bepaalde identiteit en persoonlikheid, onder die OK Foods-, OK Grocer-, OK Minimark-, OK Value-, Sentra-, Megasave- en Enjoy-handelsname in Suid-Afrika, Botswana, Lesotho en Namibië toe.

**Freshmark:** As die versaffings- en verspreidingsarm van vrugte en groente binne die Groep, verskaf Freshmark nie net vars produkte aan die Groep se afsetpunte binne Suid-Afrika nie, maar ook dié in ander dele van die kontinent. Freshmark is tans een van die grootste kopers van vars produkte in Suid-Afrika, en voer ook vrugte en groente in om te verseker dat 'n wye verskeidenheid en tradisionele seisoenale produkte deurlopend beskikbaar is.

**Drankwinkels:** Een van die jongste kleinhandelmarkte wat die Groep onder die handelsname Shoprite en Checkers LiquorShop onderskeidelik, betree het.

**Meat Market:** Die Groep se vleismarkafdeling is die grootste kleinhandelaar in vars vleis op die Afrika-vasteland. Klante word in ons winkels bedien deur slaghuise wat oor gekwalifiseerde slagters en tegnici beskik.

**Money Market:** Klante het toegang tot 'n omvattende reeks finansiële dienste en produkte in ons supermarkte by enkeldoel dienstoombanke onder die "Money Market"-handelsnaam.

**Meubels:** Kleinhandel in meubels, toestelle en tuisvermaak deur OK Furniture-, OK Power Express- en House & Home-winkels in Suid-Afrika en ander lande.

**Apteker en groothandelsverspreiding:** MediRite is gestig om in die groeiende gesondheidsbehoefte van verbruikers te voorsien met gesondheidsorgspesialiste en teen bekostigbare pryse. Daar is tans apteke binne ons supermarkte regoor Suid-Afrika en Swaziland. Die Groep se farmaseutiese groothandelaar, Transfarm, verkoop en versprei 'n wye reeks farmaseutiese produkte en chirurgiese toerusting aan hospitale en klinieke, resepterende dokters en veeartsenykundige chirurges, en private en korporatiewe apteke.

**Eiendomme:** Die Groep se eiendomsafdeling is hoofsaaklik gemoeid met die uitbreiding van supermarkte, hetsy deur nuwe supermarkpersele te identifiseer en te huur, of die ontwikkeling van nuwe winkelsentrums wat supermarkte kan akkomodeer. Hierdie funksie sluit deurlopende marknavorsing in wat daarop gemik is om neigings en verskuiwings in verbruikerspatrone en nuwe moontlikhede vir die uitbreiding van die Groep se handelsbedrywighede en die vergroting van sy marktaandeel te identifiseer. Wat betref nuwe kleinhandel-ontwikkelinge en die herontwikkeling van die Groep se bestaande

eiendomme, hou die afdeling toesig oor elke fase van die beplanning, ontwerp en konstruksie.

### Computicket (Edms) Bpk:

As 'n voorste kaartjieverkaffer en een van die bekendste handelsname, bied Computicket teater-, konsert-, fees-, sport- en fliekkaartjies, sowel as buskaartjies en geskenkbewyse, deur drie gerieflike verspreidingskanale. Dit sluit 'n netwerk van Computicket-verkoopspunte oor die hele Suid-Afrika in, sowel as die Money Market-dienstoombanke in Shoprite-, Checkers- en Checkers Hyper-winkels landwyd, 'n inbelsentrum, en die Computicket-webwerf.

### Shoprite International Bpk:

Shoprite International is in Mauritius geïnkorporeer en beheer die meerderheid van die Groep se nie-Suid-Afrikaanse kleinhandels- en eiendomsbeleggings.

### Shoprite Insurance Company Bpk:

Verskaf eerste- en derdeparty-korttermynversekering aan die Groep en sy klante.

### Ander Groepfiliale:

'n Uiteensetting van Shoprite Holdings se belange in ander filiale verskyn op bladsy 100 van die Geïntegreerde Verslag.

## FINANSIËLE OORSIG

Die Groep se verwaterde kernverdienste per aandeel het 507,6 sent beloop vir die jaar (2010: 451,6 sent). Besonderhede van Shoprite Holdings en sy filiale se wins is vervat in die staat van omvattende inkomste op bladsy 43, met verwysing na die bedryfsegmentinligting op bladsy 56. Die finansiële posisie van Shoprite Holdings en sy filiale word weerspieël in die staat van finansiële posisie op bladsy 42. Meer besonderhede word verstrek in die aantekeninge by tot die finansiële jaarstate op bladsy 46 tot 99. Die Groep se netto bate-waarde per aandeel, soos op 30 Junie 2011, was 1400 sent (2010: 1167 sent).

Shoprite Holdings se toeskryfbare belang in die belasbare winste en verliese van sy filiale vir die tydperk is soos volg:

R'000	2011	2010
Totale winste	2 936 174	2 578 668
Totale verliese	(338 615)	(251 703)

## UITKERING AAN AANDEELHOUERS

### Voorkeurdividende

Besonderhede verskyn in aantekening 28 by die Groep se finansiële jaarstate.

### Gewone dividende

'n Tussentydse kontantdividend (nr. 124) van 88 sent per aandeel is op 22 Maart 2011 betaal. 'n Finale dividend (nr. 125) van 165 sent per aandeel is betaalbaar op 19 September 2011, wat die totale dividend vir die jaar op 253 sent (2010: 227 sent) per gewone aandeel te staan bring.

## AANDELEKAPITAAL

Die gemagtigde aandelekapitaal van Shoprite Holdings het onveranderd gebly op 650 000 000 (ses honderd en vyftig miljoen) gewone aandele van 113,4 sent (een honderd en dertien komma vier sent) elk.

Daar was geen beweging in die aantal uitgereikte gewone Shoprite Holdings-aandele gedurende die verslagtydperk nie, en het dit onveranderd gebly op 543 479 460 (vyf honderd drie-en-veertig miljoen vier honderd nege-en-sewentig duisend vierhonderd en sestig) aandele van 113,4 sent elk.

Shoprite Holdings se uitgestelde aandelekapitaal het onveranderd gebly en word weerspieël in aantekening 14.2 tot die finansiële jaarstate.

## LOPENDE SAAK

Die Groep se finansiële jaarstate is op die grondslag van 'n lopende saak opgestel.

Die direksie het 'n formele oorsig gedoen van die Groep se resultate en sy vermoë om steeds binne die afsienbare toekoms as 'n lopende saak handel te dryf.

Die direkteure van Shoprite Holdings bevestig dat hulle tevrede is dat die Groep oor voldoende hulpbronne beskik om sy sake binne die afsienbare toekoms voort te sit.

## LENINGS

Ingevolge sy Memorandum van Inkorporasie (MVI) het Shoprite Holdings onbeperkte leningsbevoegdheid.

Die Groep se algehele skuldvlak het in die finansiële jaar onder beskouing van R40 miljoen tot R50 miljoen vermeerder.

## SPESIALE BESLUITE

By die algemene jaarvergadering van Shoprite Holdings op 25 Oktober 2010 het aandeelhouers die volgende spesiale besluit aanvaar:

### Spesiale besluit nommer 1 – Algemene goedkeuring om aandele terug te koop.

Geen spesiale besluite is gedurende die verslagtydperk deur enige van die Groep se hoofhandelsfiliale aanvaar nie.

## DIREKTEURE EN SEKRETARIS

Die name en besonderhede van die direkteure verskyn op bladsye 8 en 9, en die maatskappysekretaris se naam, werks- en posadres op die binne-agterblad van die Geïntegreerde Verslag.

Ingevolge die MVI van Shoprite Holdings is alle direkteure ná 'n maksimum termyn van drie (3) jaar onderworpe aan beurtelinge uittrede op 'n rotasiegrondslag en herverkiesing deur die aandeelhouers.

By die algemene jaarvergadering tree Dr CH Wiese en Mnr JF Malherbe, JA Louw en BR Weyers uit as direkteure, ingevolge artikel 14.1 van die MVI van die Maatskappy. Al die direkteure het hulself vir herverkiesing as direkteure van Shoprite Holdings beskikbaar gestel.

Die direksie ondersteun die herverkiesing van hierdie direkteure.

### Direkteure en Plaasvervangende Direkteure se Belange in Gewone Aandele

	Voordelig	Nie-voordelig	Totaal 2011	Totaal 2010
CH Wiese	89 917 398		89 917 398	85 627 398
JW Basson	10 110 084		10 110 084	10 049 554
CG Goosen	1 206 202		1 206 202	1 206 202
B Harisunker	400 189		400 189	407 379
AE Karp	147 269		147 269	147 269
EC Kieswetter	0		0	0
JA Louw	150 000		150 000	150 000
JF Malherbe	72 453		72 453	72 453
EL Nel	148 727		148 727	148 727
JG Rademeyer	10 000		10 000	10 000
BR Weyers	404 594		404 594	404 594
JAL Basson	80 600		80 600	63 600
M Bosman	110 000		110 000	110 000
PC Engelbrecht	224 055		224 055	129 440
JD Wiese	14 074		14 074	14 074

Na afloop van die finansiële jaareinde en verstryking van die geslote tydperk, het direkteure of plaasvervangende direkteure die volgende aandele op die ope mark aangekoop:

	Voordelig	Nie-voordelig	Totaal
JAL Basson	8 601		8 601
M Bosman	15 000		15 000
PC Engelbrecht	51 606		51 606

### Direkteursbelang in Nie-Omskepbare, Nie-Winsdelende Uitgestelde Aandele sonder Pariwaarde

	Totaal 2011	Totaal 2010
CH Wiese	276 821 666	276 821 666

## KORPORATIEWE BESTUUR

Verklarings rakende die direksie se toepassing van die kodes van goeie korporatiewe bestuur verskyn in die korporatiewe bestuursverslag, wat deel uitmaak van hierdie direkteursverslag en die vergoedingsverslag, op bladsy 37.

## DIREKSIEKOMITEES

Die verslae van die Oudit-en-Risiko- en ander direksiekomitees is op bladsye 32 tot 36 van die korporatiewe bestuursverslag ingesluit.

## LOUDITEURE

PricewaterhouseCoopers Ingelyf sal by die algemene jaarvergadering benoem word vir heraanstelling in hul amp as ouditeure ooreenkomstig die Maatskappywet.

## GEBURE NÁ DIE VERSLAGDOENINGSdatum

Buiten die feite vervat in hierdie Geïntegreerde Verslag was daar geen wesentliche verandering in die sake of finansiële posisie van die Groep en sy filiale vanaf 30 Junie 2011 tot en met die datum van hierdie verslag wat 'n effek het op die finansiële resultate of enige openbaarmaking in hierdie verslag nie.

## HOUERMAATSKAPPY

Shoprite Holdings beskik nie oor 'n houermaatskappy nie. 'n Ontleding van die hoofaandeelhouers verskyn op bladsy 101 van hierdie verslag.

## LITIGASIEVERSLAG

Die twee geskille tussen die Groep en Suid-Afrikaanse Brouerye Plc rakende die aankoop van OK Bazaars (1929) Beperk duur steeds voort.

Die ondersoek deur die Mededingingskommissie van Suid-Afrika ("die Kommissie") na beweerde anti-mededingende optrede deur verskeie voedselkleinhandelaars, wat die Groep se hoofbedryfsfiliaal, Shoprite Checkers (Edms) Bpk, insluit, is steeds hangend.

Die Kommissie se saak teen Computicket (Edms) Bpk, wat na die Mededingingstribunaal verwys is, moet nog deur die Tribunaal aangehoor word.

Gedurende April 2010 het AIC Beperk, 'n maatskappy wat in die Federale Republiek van Nigerië geregistreer is, 'n eis rakende beweerde kontrakbreuk teen die Groep se hoofbedryfsfiliaal, Shoprite Checkers (Edms) Bpk, en sy Nigeriese filiaal, Retail Supermarkets Nigeria Bpk, ingestel. Die Hoërhof van Lagos moet nog 'n datum vir die aanhoor van die saak aanwys.

Buiten soos hier bo aangedui, is die direkteure nie bewus van enige regs- of arbitrasiegedinge, insluitende hangende en dreigende gedinge, wat in die onlangse verlede, synde minstens die afgelope 12 maande, of in die toekoms 'n wesentliche uitwerking op die Groep se finansiële posisie gehad het of mag hê nie.



# Staat van Finansiële Posisie

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale soos op Junie 2011

## MAATSKAPPY

## GROEP

Junie 2010 R'000	Junie 2011 R'000		Aan- teke- ninge	Junie 2011 R'000	Junie 2010 R'000
		<b>BATES</b>			
		NIE-BEDRYFSBATES			
—	—	Eiendom, aanleg en toerusting	3	8 168 749	6 577 677
1 654 503	1 654 503	Belange in filiale	5	—	—
—	—	Beleggings beskikbaar vir verkoop	6	59 656	57 389
—	—	Lenings en ontvangbare bedrae	7	4 308	8 553
200	237	Uitgestelde inkomstebelasting bates	8	326 457	288 677
—	—	Ontasbare bates	9	719 105	611 037
—	—	Opgelope bedryfshuur met vaste eskalاسie	10	9 246	5 559
1 654 703	1 654 740			9 287 521	7 548 892
		<b>BEDRYFSBATES</b>			
—	—	Vorraad	11	7 055 867	6 114 538
—	—	Handels- en ander debiteure	12	2 255 390	1 999 197
—	—	Afgeleide finansiële instrumente	13	—	1 498
1 589	—	Huidige inkomstebelasting bates		38 543	36 493
76 308	10 774	Belange in filiale	5	—	—
—	—	Lenings en ontvangbare bedrae	7	46 226	45 841
602 517	603 555	Kontant en kontant-ekwivalente		1 961 551	2 218 866
680 414	614 329			11 357 577	10 416 433
—	—	Bates gehou vir verkoop	4	58 659	26 372
2 335 117	2 269 069	<b>TOTALE BATES</b>		20 703 757	17 991 697
		<b>EKWITEIT</b>			
		KAPITAAL EN RESERWES TOESKRYFBAAR AAN EKWITEITSHOUERS			
616 583	616 583	Aandelekapitaal	14	616 583	616 583
293 072	293 072	Aandelepremie		293 072	293 072
—	—	Tesourie aandele	14	(337 406)	(337 406)
1 418 263	1 347 574	Reserwes	15	6 512 451	5 332 583
2 327 918	2 257 229			7 084 700	5 904 832
—	—	Nie-beherendebelang		58 750	67 184
2 327 918	2 257 229	<b>TOTALE EKWITEIT</b>		7 143 450	5 972 016
		<b>AANSPREEKLIKHEDE</b>			
		NIE-BEDRYFSLASTE			
2 450	2 450	Lenings	16	26 177	21 534
—	—	Uitgestelde inkomstebelasting aanspreeklikhede	17	25 377	18 953
—	—	Voorsienings	18	339 200	270 818
—	—	Opgelope bedryfshuur met vaste eskalاسie	19	455 787	418 641
—	—	Handels- en ander krediteure	20	263 455	304 079
2 450	2 450			1 109 996	1 034 025
		<b>BEDRYFSLASTE</b>			
1 411	1 126	Handels- en ander krediteure	20	9 807 743	9 872 456
—	—	Lenings	16	23 578	18 914
—	—	Afgeleide finansiële instrumente	13	3 606	—
—	4 247	Huidige inkomstebelasting aanspreeklikhede		464 316	111 854
—	—	Voorsienings	18	104 117	104 825
—	—	Bankoortrekking		2 042 100	874 279
3 338	4 016	Aandeelhouders vir dividende		4 851	3 328
4 749	9 389			12 450 311	10 985 656
7 199	11 840	<b>TOTALE AANSPREEKLIKHEDE</b>		13 560 307	12 019 681
2 335 117	2 269 069	<b>TOTALE EKWITEIT EN AANSPREEKLIKHEDE</b>		20 703 757	17 991 697

# Staat van Omvattende Inkomste

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

MAATSKAPPY			GROEP		
Junie 2010 R'000	Junie 2011 R'000		Aan- teke- ninge	Junie 2011 R'000	Junie 2010 R'000
—	—	Verkoop van handelsware		72 297 777	67 402 440
—	—	Koste van verkope		(57 624 408)	(54 147 848)
—	—	BRUTO WINS		14 673 369	13 254 592
633 372	1 307 681	Ander bedryfsinkomste	21	1 855 841	1 576 128
—	—	Waardevermindering en amortisasie	22	(933 592)	(839 208)
—	—	Bedryfshuurkontrakte	23	(1 700 468)	(1 550 745)
—	—	Werknemersvoordele	24	(5 762 045)	(5 273 843)
(5 960)	(3 508)	Ander uitgawes		(4 146 408)	(3 676 483)
627 412	1 304 173	HANDELSWINS		3 986 697	3 490 441
572	(1)	Wisselkoers(verliese)/-winste		(446)	(77 824)
—	—	Items van 'n kapitale aard	27	(78 533)	(25 580)
627 984	1 304 172	BEDRYFSWINS	25	3 907 718	3 387 037
42 729	33 574	Rente ontvang		94 614	105 741
(126)	(198)	Finansieringskoste	28	(125 964)	(93 690)
670 587	1 337 548	WINS VOOR INKOMSTEBELASTING		3 876 368	3 399 088
(110 507)	(131 060)	Inkomstebelasting uitgawe	29	(1 346 826)	(1 111 792)
560 080	1 206 488	WINS VIR DIE JAAR		2 529 542	2 287 296
—	—	ANDER OMVATTENDE INKOMSTE, NÁ AFTREKKING VAN INKOMSTEBELASTING			
—	—	Billike waarde bewegings op beleggings beskikbaar vir verkoop	15	1 950	8 244
—	—	Valuta omrekeningsverskille	15	(142 451)	(170 030)
560 080	1 206 488	TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE VIR DIE JAAR		2 389 041	2 125 510
—	—	WINS TOESKRYFBAAR AAN:			
560 080	1 206 488	Aandelhouders van die maatskappy		2 509 780	2 266 522
—	—	Nie-beherendebeleg		19 762	20 774
560 080	1 206 488			2 529 542	2 287 296
—	—	TOTALE OMVATTENDE INKOMSTE TOESKRYFBAAR AAN:			
560 080	1 206 488	Aandelhouders van die maatskappy		2 369 279	2 104 736
—	—	Nie-beherendebeleg		19 762	20 774
560 080	1 206 488			2 389 041	2 125 510
—	—	Verdienste per aandeel (sent)	30	495.9	450.1
—	—	Verwaterde verdienste per aandeel (sent)	30	495.9	446.4



# Staat van Verandering in Ekwiteit

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

R'000	Aan- teke- ninge	Totale ekwiteit	Nie- beherende belang	Toeskryfbaar aan ekwiteitshouers					
				Totaal	Aandele- kapitaal	Aandele- premie	Tesourie aandele	Ander reserwes	Teruggehoue verdienste
<b>GROEP</b>									
SALDO OP JUNIE 2009		5 029 295	69 295	4 960 000	616 583	293 072	(619 438)	314 582	4 355 201
Totale omvattende inkomste		2 125 510	20 774	2 104 736	—	—	—	(161 786)	2 266 522
Wins vir die jaar		2 287 296	20 774	2 266 522					2 266 522
Erken in ekwiteit									
Netto billikewaarde beweging op beleggings beskikbaar vir verkoop		15	9 585	9 585				9 585	
Inkomstebelasting effek van netto billikewaarde beweging op beleggings beskikbaar vir verkoop		15	(1 341)	(1 341)				(1 341)	
Valuta omrekeningsverskille		15	(170 030)	(170 030)				(170 030)	
Aankoop van tesourie aandele			(244 439)	(244 439)			(244 439)		
Tesourie aandele gebruik vir opneem van aandele-opsies, ná aftrekking van inkomstebelasting		14	147 413	147 413			526 471		(379 058)
Realisasie van aandeelgebaseerde betalings reserwe		14	—	—				(14 353)	14 353
Oordrag na gebeurlikheidsreserwe		15	—	—				2 477	(2 477)
Nie-beherende belang aangekoop			(3 215)	(3 215)					
Dividende aan aandeelhouers uitgekeer			(1 082 548)	(1 062 878)					(1 062 878)
SALDO OP JUNIE 2010		5 972 016	67 184	5 904 832	616 583	293 072	(337 406)	140 920	5 191 663
Totale omvattende inkomste		2 389 041	19 762	2 369 279	—	—	—	(140 501)	2 509 780
Wins vir die jaar		2 529 542	19 762	2 509 780					2 509 780
Erken in ekwiteit									
Netto billikewaarde beweging op beleggings beskikbaar vir verkoop		15	2 267	2 267				2 267	
Inkomstebelasting effek van netto billikewaarde beweging op beleggings beskikbaar vir verkoop		15	(317)	(317)				(317)	
Valuta omrekeningsverskille		15	(142 451)	(142 451)				(142 451)	
Oordrag na gebeurlikheidsreserwe		15	—	—				4 509	(4 509)
Dividende aan aandeelhouers uitgekeer			(1 217 607)	(1 189 411)					(1 189 411)
SALDO OP JUNIE 2011		7 143 450	58 750	7 084 700	616 583	293 072	(337 406)	4 928	6 507 523
<b>MAATSKAPPY</b>									
SALDO OP JUNIE 2009		2 909 145		2 909 145	616 583	293 072	—	16 505	1 982 985
Totale omvattende inkomste									
Wins vir die jaar			560 080	560 080					560 080
Realisasie van aandeelgebaseerde betalings reserwe			—	—				(14 353)	14 353
Dividende aan aandeelhouers uitgekeer			(1 141 307)	(1 141 307)					(1 141 307)
SALDO OP JUNIE 2010		2 327 918		2 327 918	616 583	293 072	—	2 152	1 416 111
Totale omvattende inkomste									
Wins vir die jaar			1 206 488	1 206 488					1 206 488
Dividende aan aandeelhouers uitgekeer			(1 277 177)	(1 277 177)					(1 277 177)
SALDO OP JUNIE 2011		2 257 229		2 257 229	616 583	293 072	—	2 152	1 345 422

# Kontantvloeistaat

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

MAATSKAPPY			GROEP		
Junie 2010 R'000	Junie 2011 R'000		Aan- teke- ninge	Junie 2011 R'000	Junie 2010 R'000
(588 714)	(64 496)	KONTANTVLOEI UIT/(BENUT DEUR) BEDRYFSAKTIWITEITE		1 543 646	1 509 740
627 984 (632 842) (572) —	1 304 172 (1 306 771) 1 —	Bedryfswins Min: beleggingsinkomste Nie-kontant items Vereffening van aandeelwaardevermeerderingsregte		3 907 718 (27 663) 1 459 480 (218 037)	3 387 037 (32 662) 1 387 610 —
—	—	Vereffening van aanspreeklikheid vir mediese voordele na aftrede	36.2	(2 630)	(216 860)
2 679	(285)	Bedryfskapitaal veranderings	32.2	(1 324 359)	(594 756)
(2 751) 42 729 (126) 632 842 (1 140 507) (120 901)	(2 883) 33 574 (198) 1 306 771 (1 276 499) (125 261)	Kontant voortgebring uit/(benut deur) bedryfsaktiwiteite Rente ontvang Rente betaal Dividende ontvang Dividende betaal Inkomstebelasting betaal		3 794 509 110 519 (125 964) 11 758 (1 216 084) (1 031 092)	3 930 369 128 892 (93 690) 9 511 (1 082 293) (1 383 049)
587 398	65 535	KONTANTVLOEI (BENUT DEUR)/UIT BELEGGINGSAKTIWITEITE	32.5	(2 937 011)	(2 680 113)
—	—	KONTANTVLOEI UIT/(BENUT DEUR) FINANSIERINGSAKTIWITEITE	32.6	9 329	(237 928)
(1 316)	1 039	NETTO BEWEGING IN KONTANT EN KONTANTE-KWIVALENTE		(1 384 036)	(1 408 301)
603 261	602 517	Kontant en kontant-ekwivalente aan die begin van die jaar		1 344 587	2 811 465
572	(1)	Effek van wisselkoersbewegings op kontant en kontant-ekwivalente		(41 100)	(58 577)
602 517	603 555	KONTANT EN KONTANT-EKWIVALENTE AAN DIE EINDE VAN DIE JAAR		(80 549)	1 344 587
602 517	603 555	Bestaan uit: Kontant en kontant-ekwivalente		1 961 551	2 218 866
—	—	Bankoortrekking		(2 042 100)	(874 279)
602 517	603 555			(80 549)	1 344 587



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

## 1. REKENINGKUNDIGE BELEID

Die hoof-rekeningkundige beleid wat in die voorbereiding van die gekonsolideerde finansiële jaarstate toegepas is, word hier onder uiteengesit, en stem ooreen met dié van die vorige jaar, tensy daar anders aangedui word.

Die gekonsolideerde Groep en afsonderlike Maatskappy finansiële state is op 26 Augustus 2011 deur die direksie vir uitreiking goedgekeur.

### 1.1 Voorbereidingsgrondslag

Die finansiële jaarstate word voorberei ooreenkomstig, en voldoen aan, die Internasionale Finansiële Verslagdoeningstandaarde (IFRS) en die Suid-Afrikaanse Maatskappywet (Wet 71 van 2008), soos gewysig. Voorts word die finansiële jaarstate voorberei volgens die historiesekoste-grondslag, soos gewysig deur die herwaardasie van bepaalde finansiële instrumente na billike waarde.

#### 1.1.1 GEBRUIK VAN OORDEEL, AANNAMES EN RAMINGS

##### 1.1.1.1 Oordeel

Die voorbereiding van die finansiële state ooreenkomstig IFRS vereis van bestuur om hulle oordeel uit te oefen in die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleid. Die beduidendste oordeel in die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleid het betrekking op die volgende:

- a) Waardasie van voorraad: Handelsvoorraad word met behulp van die kleinhandelvoorraadmetode gewaardeer as 'n skatting van beswaarde gemiddelde koste. Wesenlike oordeel word vereis in die toepassing hiervan, veral wat betref bruto winspersentasies, koerse vir afslag en vereffeningskortings, sowel as die toedeling van voorraadkrimpings.
- b) Segment Verslagdoening: IFRS 8 vereis van die entiteit om hul bedryfs segmente te identifiseer. Na afloop van identifiseering, moet verslagdoenende segmente bepaal word. Verslagdoende segmente mag uit 'n enkele bedryf of 'n samevoeging van bedrywighede bestaan. Samevoeging van een of meer bedryfssegmente om saam 'n enkele verslagdoende segment te vorm word slegs toegelaat waar sekere voorwaardes nagekom word, die hoof voorwaarde is onder andere die bedryfssegmente se ekonomiese eienskappe, produkte en dienste, aard van produksie prosesse, tipe en klas klante, verspreidingsmetodes en regulerende omgewing.

Die Groep se bestuur het die bogenoemde samevoegings vereistes geassesseer in die indentifisering van sy handelsbedryfssegmente en glo dat dit daaraan (samevoegings vereistes) voldoen. Daarom het die Groep die opsie om die bedryfs segmente saam te voeg uitgeoefen soos toegelaat deur IFRS 8.

##### 1.1.1.2 Aannames en ramings

Die voorbereiding van die finansiële state ooreenkomstig IFRS vereis die gebruik van bepaalde kritieke aannames en rekeningkundige ramings. Die beduidendste aannames in die toepassing van die Groep se rekeningkundige beleid het betrekking op die volgende:

- a) Waardedaling van bates: Die Groep doen 'n ontleding van nie-winsgewende winkels, en oorweeg dan die noodsaaklikheid vir waardedaling van bates in die bepaalde omstandighede. Dit verg beduidende oordeel. Die Groep beoordeel onder andere die duur en omvang van die verliese, die korttermynvooruitsig van die winkel, en die moontlike herontplooiing van bates tussen winkels.

- b) Nuttige gebruiksduur van bates: In die berekening van die waardevermindering en amortisasie op eiendom, aanleg en toerusting, en ontasbare bates, lê bestuur oordeel aan die dag om die gebruiksduur en reswaarde van die verskillende bateklasse te raam.
- c) Inkomstebelasting: Die Groep is onderworpe aan inkomstebelasting in verskeie regsgebiede. Beduidende oordeel word vereis in die bepaling van die wêreldwye inkomstebelasting verpligting. Die Groep erken aanspreeklikheid vir verwagte inkomstebelasting aangeleenthede op grond van ramings van moontlike verskuldigde bykomende inkomstebelasting. Met betrekking tot uitgestelde inkomstebelasting op onbenutte inkomstebelasting verliese, word bestuursoordeel ook vereis om te bepaal of daar voldoende toekomstige belasbare inkomste sal wees waarteen hierdie verliese aangewend kan word. Sien aantekening 1.10 en 29.
- d) Voorsiening vir twyfelagtige skuld: Handelsdebiteure sluit afbetalingsverkoopdebiteure en franchise-debiteure in waarvoor daar ooreenkomstig die rekeningkundige beleid in aantekening 1.14 waardedalingvoorsiening gemaak is. Hierdie berekeninge behels die verdis-kontering van geraamde toekomstige kontantvloei, en vereis die gebruik van ramings. Besonderhede van die voorsienings word in aantekening 12 uiteengesit.
- e) Werknemersvoordeeltoevallings en -voorsienings: Verskeie aannames word toegepas in die bepaling van die waarde van mediese voordele na aftrede, aandeel-gebaseerde toevallings en langtermyn werknemers-voordele, soos uiteengesit in aantekeninge 1.19, 1.21, 14, 18 en 36.

Ramings en aannames wat 'n beduidende risiko inhou van wesentliche aanpassings in die drawaarde van bates en laste in 'n latere jaar het betrekking op die volgende: inkomstebelasting, voorsiening vir twyfelagtige skuld, en voorsiening vir werknemersvoordeel koste.

Alle ramings en onderliggende aannames word gegrond op historiese ondervinding en verskeie ander faktore wat bestuur in die omstandighede as redelik beskou. Die resultate van hierdie ramings maak die grondslag uit van oordele oor die drawaarde van bates en laste wat nie gereedlik uit ander bronne blyk nie. Werklike resultate kan van hierdie ramings verskil. Die ramings en onderliggende aannames word deurloopend hersien. Die hersiening van rekeningkundige ramings word erken in die tydperk waarin die raming hersien is sowel as in enige geaffekteerde toekomstige tydperke.

#### 1.1.2 GEBRUIK VAN AANGEPASTE MAATSTAWWE

Die maatstawwe hier onder word aangebied omdat die bestuur dit as tersaaklik beskou om 'n begrip van die Groep se finansiële prestasie te vorm. Hierdie maatstawwe word gebruik vir interne prestasie-ontledings, en voorsien aandeelhouders van bykomende nuttige inligting oor onderliggende tendense. Hierdie maatstawwe is nie omskrewe terme ingevolge IFRS nie, en is daarom moontlik nie vergelykbaar met maatstawwe wat ander entiteite onder soortgelyke opskrifte aanbied nie. Dit word nie as 'n plaasvervanger vir, of verbetering op, IFRS-vereiste maatstawwe bedoel nie.

- a) Handelswinst op die staat van omvattende inkomste, synde die Groep se bedryfsresultate met uitsluiting van buitelandse wisselkoersverskille en inkomste of uitgawes van 'n kapitale aard.
- b) Inkomste of uitgawes van 'n kapitale aard op die staat

van omvattende inkomste, synde alle hermetings uitgesluit by die berekening van wesensverdienste per aandeel in ooreenstemming met die riglyne vervat in SAICA Omsendskrywe 3/2009: Wesensverdienste. Die hoofitems wat by hierdie maatstaf ingesluit word, is: winste en verliese met die verkoop en skraping van eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en bates gehou vir verkoop; waardedalings of die terugskrywing van waardedalings, en enige nie-handels items soos winste en verliese met die verkoop van beleggings, bedrywighede en filiale.

- c) Rente ontvang op grond van die staat van omvattende inkomste, synde net die rente wat op daggeld- en bedryfs bankrekeningsaldo's ontvang word.

## 1.2 Konsolidasie

### 1.2.1 FILIALE

Filiale is entiteite (ook spesiale doel-entiteite) wat direk of indirek deur die Groep beheer word. Beheer ontstaan wanneer die Groep die vermoë het om die finansiële- en bedryfsbeleid van 'n entiteit te beheer ten einde voordeel uit sy aktiwiteite te trek. Die bestaan en effek van potensiële stemregte wat tans uitoefbaar of omskakelbaar is, word in aanmerking geneem om te bepaal of die Groep 'n ander entiteit beheer. Die verkrygingsmetode word gebruik om saaksamevoegings te verantwoord.

Die koste van 'n verkryging word gemeet as die billike waarde prysgegee, ekwiteitsinstrumente uitgereik, en aanspreeklikhede aangegaan of opgeneem op die datum van uitruiling. Identifiseerbare bates aangekoop, en aanspreeklikhede en voorwaardelike aanspreeklikhede opgeneem in 'n verkryging, word aanvanklik gemeet teen billike waarde op die verkrygingsdatum, ongeag die omvang van enige nie-beherende belang. Die bedrag waarmee die verkrygingskoste die billike waarde van die Groep se belang in die identifiseerbare netto bates van die verkrygde filiaal oorskry, word as klandisiewaarde erken. Indien die koste van verkryging minder is as die billike waarde van die netto bates van die verkrygde filiaal, word die verskil direk in die staat van omvattende inkomste erken. 'n Filiaal word gekonsolideer vanaf die datum waarop beheer na die Groep oorgedra word, en konsolidasie eindig op die datum wanneer die beheer eindig. Waar nodig, is rekeningkundige beleid van filiale verander om konsekwenheid met die Groep se beleid te verseker. Alle intergroeptransaksies en -saldo's sowel as ongerealiseerde winste en verliese in transaksies tussen Groepmaatskappye is uitgeskakel.

### 1.2.2 GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Gesamentlike ondernemings is entiteite waaroor die Groep ingevolge 'n kontraktuele ooreenkoms gesamentlike beheer uitoefen. Die Groep se belang in gesamentlik beheerde entiteite word deur proporsionele konsolidasie verantwoord. Die Groep tel sy proporsionele belang in die bates, laste, ontvangste, inkomste en uitgawes op 'n lyn- vir-lyn-grondslag by soortgelyke items in die Groep se finansiële jaarstate. Die resultate van die gesamentlike ondernemings word by die Groep se finansiële jaarstate ingesluit vanaf die datum van gesamentlike beheer tot die datum van die beëindiging van gesamentlike beheer. Waar van toepassing, is die gesamentlike ondernemings se rekeningkundige beleid verander om konsekwenheid met die beleid van die Groep te verseker.

### 1.2.3 TRANSAKSIES MET NIE-BEHEREDEBELANGE

Die Groep hanteer transaksies met nie-beherende belange, byvoorbeeld aandeelaankope, soos transaksies met aandeelhoudershouers van die Groep. Vir aankope vanaf nie-beherende belange, word die verskil tussen enige vergoeding betaal en die tersaaklike verkrygde aandeel in die filiaal se netto-bate-drawaarde in ekwiteit verantwoord. Winste of verliese met verkope aan nie-beherende belange word ook in ekwiteit verantwoord.

## 1.3 Valuta-omrekening

### 1.3.1 FUNKSIONELE EN AANBIEDINGSGELDEENHEID

Alle items in die finansiële jaarstate van die Groep se filiale en gesamentlike ondernemings word gemeet in die geldeenheden van die primêre ekonomiese omgewing waarin die filiaal sake doen (die funksionele geldeenheden). Die Groep se gekonsolideerde finansiële jaarstate word aangebied in Suid-Afrikaanse rand, synde Shoprite Holdings Bpk se funksionele geldeenheden en die Groep se aanbiedingsgeldeenheden.

### 1.3.2 TRANSAKSIES EN SALDO'S

Valutatransaksies word teen die gemiddelde wisselkoerse vir die betrokke maand na die funksionele geldeenheden omgerek. Hierdie gemiddelde wisselkoerse is naastenby gelykstaande aan die sigkoers op die transaksiedatum. Winste en verliese uit die afhandeling van sulke transaksies, en as gevolg van die omrekening van monetêre bates en laste in buitelandse geldeenheden teen sluitingskoerse, word in die staat van omvattende inkomste erken.

### 1.3.3 BUITELANDSE FILIALE EN GESAMENTLIKE ONDERNEMINGS

Die resultate en die finansiële posisie van al die Groep se filiale en gesamentlike ondernemings met 'n funksionele geldeenheden wat van die Groep se aanbiedingsgeldeenheden verskil, word soos volg na die aanbiedingsgeldeenheden omgerek:

- i) Die bates en laste vir elke staat van finansiële posisie, word omgerek teen die sluitingskoers op die datum van daardie staat van finansiële posisie.
- ii) Die inkomste en uitgawes in elke staat van omvattende inkomste, word omgerek teen die gemiddelde wisselkoerse vir die tydperk van aanbidding.
- iii) Alle omrekeningsverskille wat sodoende ontstaan, word as 'n aparte komponent van ekwiteit in die valuta-omrekeningsreserwe (VOR) erken.

Met konsolidasie word die wisselkoersverskille wat uit die omrekening van die netto belegging in buitelandse filiale spruit, ook na die VOR oorgeplaas. Wanneer 'n buitelandse bedrywigheid gedeeltelik of in sy geheel verkoop word, word alle verwante wisselkoersverskille wat in die VOR in ekwiteit erken word, in die staat van omvattende inkomste as deel van die wins of verlies met die verkoop van die bedrywigheid erken. Die Groep se netto belegging in 'n filiaal is gelyk aan die ekwiteitsbelegging, plus alle monetêre items wat van die filiaal ontvangbaar is en wat na verwagting of waarskynlikheid nie in die afsienbare toekoms vereffen sal word nie.

Klandisiewaarde- en billikewaarde-aanpassings as gevolg van die verkryging van 'n buitelandse filiaal word as deel van die buitelandse filiaal se bates en laste hanteer en teen die sluitingskoers omgerek.

## 1.4 Eiendom, aanleg en toerusting

Eiendom, aanleg en toerusting is tasbare bates in die Groep



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

se besit, vir gebruik in die verskaffing van goedere, vir verhuur aan ander, of vir administratiewe doeleindes, en sal na verwagting in meer as een tydperk gebruik word. Alle eiendom, aanleg en toerusting word teen historiese koste min opgelope waardevermindering en opgelope waardedalingverliese getoon. Historiese koste sluit alle uitgawes in wat direk toeskryfbaar is aan die verkryging van geboue, masjinerie, toerusting en voertuie, en word gedepeesieer op 'n reguitlynggrondslag, vanaf die datum waarop dit vir gebruik beskikbaar is, teen koerse toepaslik vir die verskillende tersaaklike bateklasse, en met inagneming van die geraamde nuttige gebruiksduur en reswaarde van die individuele items. Grond word nie gedepeesieer nie, aangesien dit 'n onbeperkte nuttige gebruiksduur het. Verbeterings aan huureiendomme word teen kosprys getoon en oor die oorblywende huurtermyn afgeskryf asook die bates se nuttige lewensduur.

Die bestuur bepaal die geraamde nuttige gebruiksduur, reswaardes en die verwante waardevermindering met verkryging, en hersien dit op die datum van elke staat van finansiële posisie. Indien van toepassing, word aanpassings gemaak en verantwoord as 'n verandering in raming. Gedurende jaar onder oorsig is die nuttige gebruiksduur van rekenaar toerusting aangepas vanaf 3 jaar na 4 tot 5 jaar.

## Nuttige gebruiksduur:

Geboue.....	20 jaar
Masjinerie.....	5 tot 10 jaar
Voertuie.....	5 tot 10 jaar
Winkelrollees.....	3 jaar
Toerusting.....	5 tot 10 jaar
Rekenaartoerusting.....	4 tot 5 jaar
Vliegtuig.....	15 jaar

Die koste van wesenlike opknappings word gekapitaliseer as eiendom, aanleg en toerusting in soverre dit deur toekomstige gebruik van die bates verhaal kan word. Die gekapitaliseerde bedrae word oor die toepaslike afskrywingstydperke gedepeesieer. Alle ander herstel- en onderhoudskoste word in die tydperk waarin dit aangegaan word as 'n uitgawe in die staat van omvattende inkomste erken.

Die drawaarde van 'n bate word onmiddellik na sy verhaalbare waarde afgeskryf indien die drawaarde meer is as die geraamde verhaalbare bedrag.

Winstes en verliese met die verkoop of skraping van eiendom, aanleg en toerusting, dit wil sê die verskil tussen die netto opbrengs met die verkoop of skraping, en die drawaarde, word in die staat van omvattende inkomste erken.

## 1.5 Finansiële instrumente

Die Groep klassifiseer sy finansiële instrumente in die volgende kategorieë: finansiële bates beskikbaar vir verkoop, lenings en ontvangbare bedrae, finansiële laste, en afgeleide finansiële instrumente teen billike waarde deur wins en verlies. Dié klassifikasie berus op die doel waarvoor die finansiële instrumente aangekoop is. Die bestuur bepaal die klassifikasie van die finansiële instrumente by aanvanklike erkenning, en hersien sodanige klassifikasie wanneer omstandighede aandui dat herklassifikasie toe gelaat word. Die Groep bepaal ook op die datum van elke staat van finansiële posisie of daar objektiewe bewyse van waardedaling in 'n finansiële instrument of 'n groep finansiële instrumente bestaan.

Finansiële bates word ontken wanneer die kontraktuele reg op die kontantvloeit uit die finansiële bates verval of

oorgedra word, en die Groep in wese al die risiko's en belonings van eienaarskap oorgedra het. Finansiële laste word ontken wanneer dit uitgewis word, met ander woorde wanneer die kontraktuele verpligting vereffen of gekanselleer word of verval.

## 1.6 Afgeleide finansiële instrumente

Afgeleide finansiële instrumente, synde termynwisselkoerskontrakte, word gekategoriseer teen billike waarde deur wins of verlies, en is of bates of laste. Op grond van die oorblywende looptyd van die wisselkoerskontrakte vir die volgende 12 maande, word daar tussen bedryf en nie-bedryf onderskei. Aankope en vereffenings van afgeleide finansiële instrumente word aanvanklik erken op die datum van verhandeling teen billike waarde, en word daarna teen billike waarde aangebied. Transaksiekoste word as 'n uitgawe erken namate dit aangegaan word. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat as gevolg van veranderinge in die billike waarde van afgeleide finansiële instrumente ontstaan, word by die staat van omvattende inkomste ingesluit as ander inkomste of ander uitgawes in die tydperk waarin dit ontstaan. Die billike waarde van die termynwisselkoerskontrakte word bepaal deur gebruik te maak van die wisselkoerse op die datum van die staat van finansiële posisie. Die Groep pas nie verskansingsrekeningkunde toe nie.

## 1.7 Finansiële bates beskikbaar vir verkoop

Die Groep se genoteerde én ongenoteerde aandelebeleggings word as finansiële bates beskikbaar vir verkoop geklassifiseer. Die aankoop en verkoop van beleggings beskikbaar vir verkoop word teen billike waarde, wat transaksiekoste insluit, op die transaksiedatum erken. Daarna word beleggings teen billike waarde aangebied. Gerealiseerde en ongerealiseerde winste en verliese wat uit veranderinge in die billike waarde van hierdie beleggings spruit, word in ander omvattende inkomste erken en in 'n reserve in ekwiteit opgeloop. Wanneer beleggings beskikbaar vir verkoop, verkoop word of vir waardedaling aangepas word, word die opgelope billikewaarde-aanpassings wat in ekwiteit erken word, as winste of verliese uit die verkoop van die beleggings by die staat van omvattende inkomste ingesluit. Hierdie beleggings word by nie-bedryfsbates ingesluit, tensy die bestuur voornemens is om die beleggings binne 12 maande ná die datum van die staat van finansiële posisie te verkoop.

Rente op sekuriteite beskikbaar vir verkoop, wat met behulp van die effektiewe-rentemethode bereken is, word as deel van ander inkomste in die staat van omvattende inkomste erken. Dividende op ekwiteitsinstrumente beskikbaar vir verkoop word as deel van ander inkomste in die staat van omvattende inkomste erken wanneer die Groep se reg om betalings te ontvang gevestig is.

Die billike waarde van hierdie beleggings berus op gekwoteerde transaksiepryse (vir genoteerde beleggings) of die onderliggende netto batewaarde (vir ongenoteerde beleggings). Indien die mark vir 'n finansiële bate onaktief is (en in geval van ongenoteerde sekuriteite), bepaal die Groep 'n billike waarde deur van erkende waardasietegnieke gebruik te maak.

Vir die doeleindes van waardedalingstoetsing is 'n wesenlike of voortdurende afname in die billike waarde van 'n ekwiteitsinstrument tot onder sy koste, 'n teken van waardedaling. Indien enige sodanige bewyse vir finansiële bates beskikbaar vir verkoop bestaan, word die kumula-

tiewe verlies, synde die verskil tussen die verkrygingskoste en die huidige billike waarde, minus enige waardedalingsverlies op die finansiële bate wat voorheen in wins of verlies erken is, uit ekwiteit verwyder en in die staat van omvattende inkomste erken. Waardedalingsverliese op ekwiteitsinstrumente wat in die staat van omvattende inkomste erken word, word nie deur die staat van omvattende inkomste teruggeskryf nie.

## 1.8 Lenings en ontvangbare bedrae

Lenings en ontvangbare bedrae is nie-afgeleide finansiële bates met vaste of bepaalbare betalings wat nie in 'n aktiewe mark genoteer is nie. Dit ontstaan wanneer die Groep geld, goedere of dienste regstreeks aan 'n debiteur verskaf; nie van voornemens is om die ontvangbare bedrae te verhandel nie, en aankope en verkope op die verhandelingsdatum erken, teen billike waarde, wat transaksiekoste insluit. Lenings en ontvangbare bedrae word vervolgens met behulp van die effektiewe-rentemetode teen geamortiseerde koste aangebied. Hierdie finansiële bates word by bedryfsbates ingesluit, tensy dit eers ná 12 maande ná die datum van die staat van finansiële posisie betaalbaar word.

Indien objektiewe bewyse bestaan dat 'n waardedalingsverlies gelyk is, word die bedrag van die verlies gemeet as die verskil tussen die drawaarde van die lenings en ontvangbare bedrae, en die huidige waarde van die geraamde toekomstige kontantvloeï verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers van toepassing op die betrokke lenings en ontvangbare bedrae. Die drawaarde sal verlaag, en die verlies in die staat van omvattende inkomste erken word.

## 1.9 Beleggings in filiale

Die Maatskappy se beleggings in die gewone aandele van sy filiale word teen koste min waardedalingsverliese getoon en, in geval van buitelandse geldeenhede, teen historiese koerse omgerek. Aankope en verkope van hierdie beleggings word op die verhandelingsdatum teen koste, wat transaksiekoste insluit, erken.

## 1.10 Uitgestelde inkomstebelasting

Uitgestelde inkomstebelasting word volgens die aanspreeklikheidsmetode voorsien vir berekende inkomstebelastingverliese sowel as vir tydelike verskille tussen die inkomstebelastingbasis van bates en laste, en hul drawaardes, vir doeleindes van finansiële verslagdoening. Die uitgestelde inkomstebelasting word egter nie verantwoord nie indien dit ontstaan uit die aanvanklike erkenning van 'n bate of las in 'n transaksie, buiten 'n verkryging, wat ten tyde van die transaksie nóg die rekeningkundig berekende nóg die belastbare wins of verlies affekteer. Heersende voorgeskrewe belastingkoerse en wetgewing word gebruik om uitgestelde inkomstebelasting te bereken. Uitgestelde inkomstebelasting bates word slegs erken in soverre dit waarskynlik is dat toekomstige belastbare wins beskikbaar sal wees waarteen die tydelike verskille verreken kan word. Die bestuur gebruik sy oordeel om te bepaal of daar voldoende toekomstige belastbare wins sal wees, onder andere met inagneming van faktore soos winsgeskiedenis, geraamde toekomstige kontantvloeï en begrotings.

Uitgestelde inkomstebelasting word voorsien op tydelike verskille wat spruit uit die konsolidasie van beleggings in filiale en gesamentlike ondernemings, buiten waar die Groep die tydsberekening van die terugskrywing van die tydelike verskil kan beheer, en die tydelike verskil

waarskynlik nie in afsienbare tyd teruggeskryf sal word nie.

Die Groep is onderworpe aan belasting in verskeie regsgebiede. Aansienlike oordeel is nodig om die wêreldwye aanspreeklikheid vir inkomstebelasting te bepaal. Daar vind baie transaksies in die gewone gang van sake plaas waarvoor die uiteindelijke belastingaanspreeklikheid onseker is. Die Groep erken aanspreeklikheid vir verwagte belastingouditaangeleenthede op grond van die beste betroubare ramings van bykomende belasting. Indien die uiteindelijke belastingaanspreeklikheid verskil van die bedrae wat aanvanklik bereken is, sal sulke verskille 'n impak hê op die inkomstebelasting- en uitgestelde inkomstebelastingvoorsiening in die tydperk waarin dit bepaal word.

## 1.11 Ontasbare bates

### 1.11.1 KLANDISIEWAARDE

Klandisiewaarde verteenwoordig die bedrag waarmee die koste van 'n verkryging die billike waarde van die Groep se aandeel in die verkrygde filiaal of bedrywigheid se netto bates op die datum van verkryging oorskry. In geval van 'n buitelandse geldeenheid, word klandisiewaarde teen sluitingskoerse omgerek. Klandisiewaarde word jaarliks, en wanneer daar ook al 'n aanduiding van waardedaling is, vir waardedaling getoets, en word teen koste min opgelope waardedalingsverliese gedra. Vir die doeleindes van waardedalingstoets, word klandisiewaarde aan kontantgenererende eenhede (KGE's) toegedeel. Die toedeling word gemaak aan daardie KGE's of groepe KGE's wat na verwagting voordeel sal trek uit die saaksamevoeging waarin die klandisiewaarde ontstaan. Elk van hierdie KGE's verteenwoordig die Groep se belegging in 'n handelseenheid of 'n groep handelseenhede. Winste en verliese met die verkoop van 'n entiteit wat oor verwante klandisiewaarde beskik, sluit die drawaarde van sodanige verwante klandisiewaarde in. 'n Waardedalingsverlies wat vir klandisiewaarde erken word, sal nie in 'n daaropvolgende tydperk teruggeskryf word nie.

### 1.11.2 SAGTEWARE

Sagteware verteenwoordig alle uitgawes aangegaan om die bates te verkry en in gebruik te neem. Hierdie uitgawes word op 'n reguitlynggrondslag oor die geraamde nuttige gebruiksduur van die betrokke sagteware, synde tussen drie en sewe jaar, geamortiseer.

Koste wat met die inwerkingstelling of instandhouding van sagteware verband hou, word as 'n uitgawe erken wanneer dit aangegaan word. Koste wat direk verband hou met die aankoop en aanpassing van identifiseerbare en unieke sagteware wat deur die Groep beheer word, en wat waarskynlik vir langer as 'n jaar toekomstige ekonomiese voordele sal genereer, word as ontasbare bates erken. Direkte koste sluit werknemersvoordele met die ontwikkeling van die sagteware sowel as 'n toepaslike gedeelte van die gepaardgaande bokoste in.

Die nuttige gebruiksduur van sagteware word op die datum van elke staat van finansiële posisie hersien. Indien toepaslik, word aanpassings gemaak en vooruitwerkend as 'n verandering in raming verantwoord.

### 1.11.3 HANDELSMERKE

Verkrygde handelsmerke en lisensies word aanvanklik teen historiese koste getoon, en handelsmerke en lisensies wat met 'n verkryging bekom word, word teen billike waarde op die verkrygingsdatum erken. Handelsmerke het 'n beperkte nuttige gebruiksduur, en word vervolgens gemeet teen koste



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

min opgelope amortisasie en waardedalingsverliese. Amortisasie word op die reguitlyngrondslag bereken om die koste van handelsmerke en lisensies oor hul geraamde nuttige gebruiksduur, synde 16 tot 20 jaar, toe te deel. Die nuttige gebruiksduur word op die datum van elke staat van finansiële posisie hersien. Indien toepaslik, word aanpassings gemaak en vooruitwerkend as 'n verandering in raming verantwoord.

## 1.11.4 KLANTEVERHOUDINGS

Klanteverhoudings wat met 'n verkryging bekom word, word teen billike waarde op die verkrygingsdatum erken. Klanteverhoudings het 'n beperkte nuttige gebruiksduur, en word teen koste min opgelope amortisasie getoon. Amortisasie word met behulp van die reguitlynmetode oor die verwagte nuttige gebruiksduur van 10 jaar bereken.

## 1.12 Niebedryfsbates gehou vir verkoop

Nie-bedryfsbates en/of beskikkingsgroepe word as bates gehou vir verkoop geklassifiseer, en word teen die laagste van die drawaarde of billike waarde min verkoopskoste getoon, indien hul drawaarde hoofsaaklik deur middel van 'n verkoopstransaksie eerder as deur voortgesette gebruik verhaal sal word, en sodanige verkoop as hoogs waarskynlik beskou word.

## 1.13 Voorraad

Handelsvoorraad word getoon teen die laagste van kosprys, bereken volgens die beswaarde-gemiddelde kosteformule, of netto realiseerbare waarde. Die beswaarde-gemiddelde kosteformule word met behulp van die kleinhandelvoorrademetode toegepas. Die koste van goedere is die netto van: die faktuurprys van die goedere; versekeringskoste; vragkoste; doeanebelasting; 'n toepaslike gedeelte van die verspreidingskoste; handelskortings, en rabatte en verefeningskortings. Die kleinhandelmetode verskaf die benaderde beswaarde gemiddelde koste, en word bepaal deur die verkoopswaarde van die voorraad met die toepaslike persentasie bruto marge te verminder. Hierdie persentasie neem enige voorraad in aanmerking wat tot onder die oorspronklike verkoopswaarde afgemerk is. 'n Gemiddelde persentasie per kleinhandeldepartement word gebruik. Netto realiseerbare waarde is die geraamde verkoopsprys in die gewone gang van sake.

## 1.14 Handels- en ander debiteure

Handels- en ander debiteure word op verhandelingsdatum teen billike waarde erken. Daarná word dit gemeet teen geamortiseerde koste met behulp van die effektiewe-rentemethode, minus enige voorsiening vir waardedaling van hierdie debiteure. 'n Voorsiening vir waardedaling van handelsdebiteure word geskep indien objektiewe bewyse bestaan dat die Groep nie alle verskuldigde bedrae, volgens die oorspronklike ooreenkomste met debiteure, sal kan invorder nie. Wesenlike finansiële probleme by debiteure; die waarskynlikheid dat die debiteur insolvent verklaar sal word of finansiële herorganisasie sal ondergaan, en wanbetaling of betaalversuim (meer as 30 dae agterstallig) word as aanwysers beskou dat die handelsdebiteur vir waardedaling aangepas moet word. Die voorsiening word bereken as die verskil tussen die drawaarde en die invorderbare bedrag, synde die huidige waarde van die verwagte kontantvloei, verdiskonteer teen die oorspronklike effektiewe rentekoers. Enige gevolglike waardedalingsverliese word by ander uitgawes in die staat van omvattende

inkomste ingesluit. As gevolg van die wydverspreide klantebasis, word die waardedaling van afbetalingsverkoop debiteure op 'n kollektiewe grondslag gedoen. Wanneer 'n debiteur oninbaar is, word dit afgeskryf teen die voorsiening vir waardedaling van debiteure. Daaropvolgende invordering van bedrae wat afgeskryf is, word in die staat van omvattende inkomste erken.

## 1.15 Huurkontrakte

### 1.15.1 WAAR DIE GROEP DIE HUURDER IS

Bate huurkontrakte waarvolgens die verhuurder in effek 'n beduidende gedeelte van die risiko's en belonings van eienaarskap behou, word as bedryfshuur geklassifiseer. Sommige persele en ander bates word gehuur. Betalings ingevolge bedryfshuurkontrakte met 'n vaste-eskalasieklausule word op 'n reguitlyngrondslag oor die huurtermyn teen die staat van omvattende inkomste verreken. Alle ander bedryfshuurbetalings word as 'n uitgawe erken namate dit betaalbaar word. Aansporings wat betaal word ten einde 'n huurooreenkoms aan te gaan word oor die huurtermyn as 'n bedryfshuurkoste teen die staat van omvattende inkomste verreken. Minimum huurbetalings verskuldig ná jaareinde word onder verpligtinge getoon.

Wanneer 'n bedryfshuurkontrak beëindig word voordat die huurtermyn verstryk, word enige vereiste kansellasiefooi betaling aan die verhuurder, sowel as enige ongeamortiseerde deel van die opgelope bedryfshuur met vaste eskalاسie, in die staat van omvattende inkomste erken in die tydperk waarin die kontrak beëindig word.

### 1.15.2 WAAR DIE GROEP DIE VERHUURDER IS

Gedeeltes van eie en huureiendomme word ingevolge bedryfshuurkontrakte verhuur en onderverhuur. Die eiendom wat deur die eienaar gebruik word, word by eiendom, aanleg en toerusting in die staat van finansiële posisie ingesluit. Huurinkomste ingevolge bedryfshuurkontrakte met vaste-eskalasieklausules word op die reguitlyngrondslag oor die huurtermyn erken. Aansporings wat ontvang word om 'n huurooreenkoms aan te gaan word oor die huurtermyn as 'n bedryfshuurinkomste in die staat van omvattende inkomste erken. Alle ander huurinkomste word erken namate dit ontvangbaar word.

Wanneer 'n bedryfshuurkontrak beëindig word voordat die huurtermyn verstryk, word enige kansellasiefooi betaling deur die verhuurder as inkomste erken, en word enige ongeamortiseerde deel van die opgelope bedryfshuur met vaste eskalاسie in die staat van omvattende inkomste erken in die tydperk waarin die kontrak beëindig word.

## 1.16 Kontant en kontant-ekwivalente, en bankoortrekking

Kontant en kontant-ekwivalente, en bankoortrekking, word teen koste getoon. In geval van buitelandse geldeenheede word dit teen sluitingswisselkoerse omgerek. Kontant bestaan uit kontant voorhande en kontant in die bank. Kontant-ekwivalente is hoogs likiede korttermynbeleggings wat gereedlik in kontant omgeskakel kan word en nie aan 'n beduidende risiko van waardeverandering blootgestel is nie. Bankoortrekking word afsonderlik in die staat van finansiële posisie weerspieël.

## 1.17 Aandelekapitaal

Gewone aandele en nie-omskepbare, nie-winsdelende uitgestelde aandele, wat insluit koste wat direk aan die

uitreik van nuwe aandele toegeskryf kan word, word albei as ekwiteit geklassifiseer.

Waar Groepbeheerde entiteite die Maatskappy se aandele koop, word die vergoedingsbedrag, wat enige toeskryfbare transaksiekoste ná aftrekking van inkomste-belasting insluit, as tesourie aandele afgetrek van die kapitaal en reserwes wat aan aandeelhouders toegeskryf kan word, totdat hierdie aandele verkoop word. Waar sodanige aandele dan verkoop word, word enige vergoeding ontvang by kapitaal en reserwes ingesluit wat aan aandeelhouders toegeskryf kan word. Dividende wat op tesourie aandele ontvang word, word by konsolidasie uitgeskakel.

### 1.18 Lenings

Lenings word aanvanklik teen billike waarde, ná die aftrekking van transaksiekoste, erken. Daarna word die lenings teen geamortiseerde koste getoon, en enige verskil tussen die opbrengs (ná aftrekking van transaksiekoste) en die afloswaarde word met behulp van die effektiewe-rentemeteode oor die termyn van die lenings in die staat van omvattende inkomste erken. Lenings word as bedryfslaste geklassifiseer, tensy die Groep die onvoorwaardelike reg het om vereffening van die aanspreeklikheid met minstens 12 maande ná die datum van die staat van finansiële posisie uit te stel.

Voorkeuraandele met nie-diskresionêre dividendverpligtinge, word as nie-bedryfsskuld teen geamortiseerde koste geklassifiseer. Geamortiseerde koste word met behulp van die effektiewe-rentemeteode bereken. Die dividende op hierdie voorkeuraandele word as finansieringskoste in die staat van omvattende inkomste erken.

### 1.19 Voorsienings

Voorsienings word erken wanneer die Groep 'n huidige wettige of afgeleide verpligting het wat uit vorige gebeure spruit; wanneer dit waarskynlik 'n uitvloeiing van hulpbronne met ekonomiese voordeel sal verg om die verpligting te vereffen, en wanneer 'n betroubare raming van die bedrag van die verpligting gemaak kan word. Die Groep het voorsienings tot hul huidige waarde verdiskonteer waar die tydwaarde van geld 'n wesentlike effek het. Die geagte renteheffing ten opsigte van die verdiskontering is ingesluit by die staat van omvattende inkomste.

#### 1.19.1 BESWARENDE HUURKONTRAKTE

Die Groep erken 'n voorsiening vir beswarende huurkontrakte wanneer die geraamde voordele, wat enige onderverhuringinkomste insluit, wat uit nie-kanselleerbare bedryfshuurkontrakte spruit, laer is as die onvermydelike koste om die kontrakverpligtinge na te kom. Die onvermydelike kontrakkoste word oor die oorblywende looptyd van die betrokke huurkontrakte – na raming gemiddeld drie jaar – toegepas. Die geagte renteheffing ten opsigte van die verdiskontering word as finansieringskoste by die staat van omvattende inkomste ingesluit.

#### 1.19.2 VOORSIENING VIR UITSTAANDE VERSEKERINGSEISE

Die Groep erken 'n voorsiening vir die geraamde direkte koste om alle uitstaande eise teen jaareinde af te handel. Die voorsiening vir uitstaande eise teen jaareinde sluit in 'n voorsiening vir koste van eise wat opgehoop dog nog nie aangemeld is teen jaareinde nie, sowel as vir koste van eise wat aangemeld dog nog nie afgehandel is teen jaareinde nie. Die voorsiening vir die koste van eise wat opgehoop dog nog nie aangemeld is teen jaareinde nie, word op grond van

die Groep se eisegeskiedenis bepaal. Volle voorsiening word gemaak vir die koste van eise wat aangemeld dog nog nie afgehandel is teen jaareinde nie, met behulp van die beste beskikbare inligting.

#### 1.19.3 LANGTERMYN WERKNEMER VOORDELE

Langtermyn werknemer voordele word aan werknemers toegeken wat sekere voorafbepaalde diensmylpale in die Groep bereik. Die Groep se verpligting met betrekking tot hierdie toekennings word teen jaareinde deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse gewaardeer, en die ooreenstemmende verpligting word gehef. Betalings word teen hierdie verpligting verreken. Enige bewegings in die verpligting, ook geagte rente, wat uit die aktuariële waardasie spruit, word as werknemer voordele in die staat van omvattende inkomste erken.

#### 1.19.4 HERSTEL VOORSIENING

Waar die Groep 'n kontraktuele verpligting met betrekking tot sekere bedryfshuurkontrakte het, word voorsiening gemaak vir die verwagte herstelkoste wat met die verstryking van die kontrak aangegaan sal moet word.

### 1.20 Handels- en ander krediteure

Handels- en ander krediteure word aanvanklik teen billike waarde erken, en daarna teen geamortiseerde koste met behulp van die effektiewe-rentemeteode.

Finansiële-waarborgkontrakte word aanvanklik teen billike waarde erken, en daarna teen die hoogste van hetsy die aanvanklik erkende billike waarde, minus toepaslike opgelope amortisasie op 'n reguitlynggrondslag oor die geraamde tydsduur van die kontrak, óf 'n bedrag bereken as die beste raming van die vereiste uitgawes om die huidige verpligting op die datum van die staat van finansiële posisie af te los. Intragroep- finansiële waarborge word met konsolidasie uitgeskakel.

Wanneer die Maatskappy die finansiële-waarborgkontrak aan 'n filiaal uitreik, word die billike waarde by aanvanklike erkenning gekapitaliseer as deel van die belegging in die betrokke filiaal.

### 1.21 Werknemer voordele

#### 1.21.1 PENSIOENVERPLIGTINGE

Groepmaatskappye bedryf verskillende pensioenskemas. Die skemas word gefinansier deur bydraes aan trusteegeadministreerde fondse in ooreenstemming met die skemabepalings.

#### Voorsorgfonds

'n Omskrewedydraefonds is 'n pensioenskema waarvolgens die Groep vaste bydraes in 'n afsonderlike entiteit inbetaal. Die Groep het geen wetlike of afgeleide verpligting om verdere bydraes te betaal indien die fonds nie voldoende bates het om alle werknemers die voordele ten opsigte van dienste gelewer in die huidige en vorige tydperke te betaal nie.

Die Groep se bydraes tot 'n omskrewedydraefonds ten opsigte van dienste wat in 'n gegewe tydperk gelewer word, word as 'n uitgawe in daardie tydperk erken. Bykomende bydraes word as 'n uitgawe erken in die tydperk waarin die verwante dienste deur werknemers gelewer word.

#### 1.21.2 MEDIESE VOORDELE NA AFTREDE

Die Groep maak voorsiening vir mediese voordele na



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

afrede, waar dit bestaan. Die verwagte koste van hierdie voordele loop op oor die dienstyderk op grond van verstreke diens, en word as werknemer voordele in die staat van omvattende inkomste erken. Hierdie aanspreeklikheid word teen die huidige waarde bereken, deur die geraamde toekomstige kontantvloei te verdiskonteer met behulp van die rentekoerse van staatseffekte in die geldeenheid waarin die voordele betaal sal word, en waarvan die termyn tot uitkering naastenby gelykstaande is aan die termyn van die verwante aanspreeklikheid.

Die toekomstige kontantuitvloei word geraam deur onder meer die volgende aannames te gebruik: gesondheidsorg-koste-inflasie; verdiskonteringskoerse; salarisinflasie, en bevorderings en ervaringsverhogings; geraamde sterftesyers; geraamde aftree ouderdom, en voortsetting by aftrede. Hierdie verpligting word jaarliks ten opsigte van verstreke diens deur onafhanklike, gekwalifiseerde aktuarisse gewaardeer met behulp van die metode van geprojekteerde kredieteenhede. Aktuariële winste of verliese en aflospremies, wanneer dit voorkom, word onmiddellik as werknemer voordele in die staat van omvattende inkomste erken.

## 1.21.3 KONTANTVEREFFENDE AANDEELGEBASEERDE BETALINGS

Die Groep erken 'n aanspreeklikheid vir kontantvereffende aandeelgebaseerde betalings wat teen die billike waarde soos op die datum van elke staat van finansiële posisie bereken word. Die billike waarde word met behulp van tersaaklike opsie bereken. Dié bedrag word oor die vestigings tydperk as 'n uitgawe in die staat van omvattende inkomste erken.

## 1.21.4 BONUSPLANNE

Die Groep erken 'n aanspreeklikheid en 'n uitgawe vir bonusse, op grond van formules wat die Groep se handelswinst ná sekere aanpassings in aanmerking neem. Die toevalling vir hierdie aanspreeklikheid word erken waar daar 'n kontraktuele of afgeleide verpligting is.

## 1.22 Waardedaling van nie-finansiële bates

Nie-finansiële bates met 'n onbeperkte nuttige gebruiksduur word nie gedepresieer of geamortiseer nie, en word op die datum van elke staat van finansiële posisie vir waardedaling getoets. Bates onderworpe aan waardevermindering of amortisasie word vir waardedaling nagegaan wanneer ook al 'n gebeurtenis of veranderinge in omstandighede aandui dat die volle drawaarde dalk nie verhaalbaar is nie. Dit verg beduidende bestuursoordeel om te bepaal of 'n bate vir waardedaling aangepas moet word, en die volgende faktore moet onder meer in ag geneem word: vir hoe lank en in watter mate die billike waarde van die bates minder is as die kosprys; bedryfs-, geografiese en sektorprestasie; veranderings in streekse ekonomieë, en bedryfs- en finansieringskontantvloei.

Indien die drawaarde van 'n bate sy geraamde verhaalbare bedrag oorskry, word die drawaarde verlaag en die bate na sy verhaalbare bedrag afgeskryf. Die verhaalbare bedrag word bereken as die hoogste van die bate se billike waarde minus verkoopskoste, of die gebruikswaarde. Dié berekeninge berus op die bestuur se aannames en ramings, soos geprojekteerde kontantvloei, bestuursbegrotings, en industrie-, streeks- en geografiese bedryfs- en finansiële vooruitsigte. Vir die doeleindes van waardedalingstoetse, word die bates aan kontantgenererende eenhede (KGE's) of 'n groep KGE's

toegewys. KGE's is die laagste vlak waarvoor individueel identifiseerbare kontantvloei bepaal kan word. Die verwante waardedalingsuitgawes word in die staat van omvattende inkomste as uitgawes van 'n kapitale aard aangedui.

Die Groep bepaal op elke verslagdoeningsdatum of daar enige aanduiding is dat waardedalingsverliese wat in vorige tydperke vir bates buiten klandisiewaarde erken is, dalk nie meer bestaan nie of afgeneem het. Indien daar enigsins so 'n aanduiding is, erken die Groep onmiddellik die bedrag van die terugskrywing as 'n inkomste van 'n kapitale aard in die staat van omvattende inkomste. 'n Waardedalingsverlies wat vir klandisiewaarde erken is, word nie in 'n daaropvolgende tydperk teruggeskryf nie.

## 1.23 Inkomste-erkenning

Inkomste bestaan uit die billike waarde van die vergoeding wat ontvang is of ontvangbaar is vir die verkoop van handelsware in die Groep se gewone bedryfsaktiwiteite, ná aftrekking van belasting op toegevoegde waarde, afslag en kortings, en nadat verkope binne die Groep uitgeskakel is. Verkope word met die aflewering van produkte en by klant-aanvaarding erken. Betaling geskied gewoonlik met kontant, debiet- of kredietkaart. Verwante kaarttransaksiekoste word in die staat van omvattende inkomste as ander uitgawes erken. Wanneer handelsware ingevolge afbetalingsverkoopsooreenkomste verkoop word, word die huidige waarde van die afbetalingsverkoopsooreenkomste as ontvangbare bedrag erken.

## 1.24 Ander bedryfsinkomste

Ander bedryfsinkomste word soos volg erken:

### 1.24.1 FINANSIERINGSINKOMSTE VERDIEN

Wanneer handelsware ingevolge afbetalingsverkoopsooreenkomste verkoop word, word die huidige waarde van die afbetalingsverkoopsooreenkomste as ontvangbare bedrag aangedui. Die verskil tussen die bruto ontvangbare bedrag en die huidige waarde van die ontvangbare bedrag word as onverdiende finansieringsinkomste erken. Finansieringsinkomste word oor die termyn van die afbetalingsverkoopsooreenkomste met behulp van die effektiewe-rentemethode erken, wat 'n konstante periodieke opbrengskoers weerspieël.

### 1.24.2 HUURINKOMSTE

Huurinkomste ingevolge bedryfshuurkontrakte met vaste eskalasielousules word op die reguitlynggrondslag oor die huurtermyn erken. Alle ander huurinkomste word erken namate dit ontvangbaar word. Sien aantekening 1.15.2.

### 1.24.3 FRANCHISE-FOOIE ONTVANG

Franchise-fooie ontvang bestaan uit fooie ontvang vanaf franchise houers, en word erken wanneer die onderliggende verkope plaasvind wat tot die inkomste aanleiding gee.

### 1.24.4 PREMIE-INKOMSTE

Premie-inkomste word erken in die tydperk waarin dit verdien word. Netto premies verdien is alle geskrewe premies wat verband hou met polisse wat gedurende die tydperk uitgereik is, minus onverdiende bedrae op die datum van die staat van finansiële posisie. Sien aantekening 1.30.2.

### 1.24.5 RENTE-INKOMSTE

Rente-inkomste word erken namate dit toeval, met inagneming van die effektiewe opbrengs op die verwante bate.

#### 1.24.6 DIVIDEND-INKOMSTE

Dividend-inkomste word erken wanneer die aandeelhouer se reg om betaling te ontvang bepaal is.

#### 1.24.7 GESKENKBEWYSE EN SPAARSEËLS

Die opbrengs uit die verkoop van geskenkbewyse en spaarseëls word aanvanklik onder ander betaalbare bedrae erken, wat die inkomste dus uitstel. Die inkomste word as kontantverkope van goedere erken wanneer die geskenkbewyse of spaarseëls vir goedere geruil word.

#### 1.24.8 KOMMISSIE ONTVANG

Die Groep dien as betaalkantoor vir 'n verskeidenheid derde partye wat dienste en produkte aan die Groep se klante lewer. Die agentekommissie wat die Groep vir die betaalkantoor dienste van die derde partye ontvang, word as ander inkomste erken. Kommissie wat met derdepartyprodukte verband hou, word erken wanneer die onderliggende derdepartybetaling gemaak word. Kommissie wat met derdeparty dienste verband hou, word erken in soverre dienslewering voltooi is, met dienste tot op datum gelever as 'n persentasie van die totale diens wat gelever moet word.

### 1.25 Leningskoste

Leningskoste wat direk aan die verkryging, konstruksie of produksie van kwalifiserende bates toegeskryf kan word, word na die koste van daardie kwalifiserende bate gekapitaliseer. Algemene leningskoste word gekapitaliseer deur die beswaarde gemiddelde uitgawe op die kwalifiserende bate te bereken, en 'n beswaarde gemiddelde leenkoers op sodanige uitgawe toe te pas. Spesifieke leningskoste word gekapitaliseer volgens die leningskoste wat vir die spesifieke lening aangegaan word, mits die leenfasiliteit bepaald vir die kwalifiserende bate aangewend word. Alle ander leningskoste aangegaan word erken as 'n uitgawe in die staat van omvattende inkomste, en loop op 'n tydgrondslag op met betrekking tot die uitstaande hoofskuld, en teen die toepaslike rentekoers.

### 1.26 Huidige en uitgestelde inkomstebelasting

Die inkomstebelasting uitgawe vir die tydperk bestaan uit huidige en uitgestelde inkomstebelasting. Inkomstebelasting word in die staat van omvattende inkomste erken, buiten in soverre dit met items verband hou wat direk in ekwiteit erken word, in welke geval die inkomstebelasting ook direk in ekwiteit erken sal word.

Die huidige inkomstebelasting uitgawe word bereken ooreenkomstig die belastingwette wat op die datum van die staat van finansiële posisie van krag is of wesenlik van krag is in die lande waar die Groep sake doen en belasbare inkomste genereer.

Dividende wat deur Suid-Afrikaanse maatskappye in die Groep verklaar word, is onderworpe aan sekondêre inkomstebelasting op maatskappye (SBM). Die SBM-uitgawe word ingesluit by die staat van omvattende inkomste in die tydperk wanneer die verwante dividend betaal word.

Uitgestelde inkomstebelasting word ooreenkomstig aantekening 1.10 bereken en erken.

### 1.27 Verdienste per aandeel

Verdienste en wesensverdienste per aandeel word bereken deur die netto wins wat aan aandeelhouers van die Groep toegeskryf kan word en die wesensverdienste onderskeidelik te deel deur die beswaarde gemiddelde aantal gewone

aandeel wat gedurende die jaar uitgereik is, wat uitsluit die gewone aandeel wat die Groep as tesourie aandeel hou.

Vir die verwaterde verdienste per aandeel, word die beswaarde gemiddelde aantal uitgereikte gewone aandeel aangepas om die omsetting van alle gewone aandeel met verwaterde potensiaal te veronderstel. Aandeel opsies wat ingevolge die aandeel opsieskema uitgereik word, het verwaterings potensiaal. Vir hierdie opsies word 'n berekening gedoen om te bepaal hoeveel aandeel verkry kon word, teen die gemiddelde markprys, op grond van die monetêre waarde van die inskrywingsregte verbonde aan die uitstaande aandeel opsies. Sodoende word die 'bonus'-element bepaal. Die 'bonus'-element word by die uitgereikte gewone aandeel getel. Geen aanpassing word aan netto wins gemaak nie, aangesien die opsies geen uitwerking op die staat van omvattende inkomste het nie.

### 1.28 Staatstoekennings

Staatstoekennings, synde regeringsbystand in die vorm van toegewings en die terugbetaling van sekere uitgawes, word teen billike waarde erken wanneer die Groep aan die voorwaardes van dié toekennings voldoen, en die toekennings ontvang word. Die toekennings word stelselmatig in die staat van omvattende inkomste erken as 'n aftrekking van die verwante uitgawe, oor die tydperke wat nodig is om dit met die verwante koste te paar.

### 1.29 Uitkering van dividende aan aandeelhouers

Dividende word verantwoord op die datum wanneer die Maatskappy dit verklaar.

### 1.30 Rekeningkundige grondslag vir onderskrywingsaktiwiteite

#### 1.30.1 KLASSIFIKASIE VAN KONTRAKTE

Versekeringsrisiko is risiko buiten finansiële risiko, en word van die kontrakhouer na die uitreiker oorgedra. Die rekeningkundige beleid van die Groep is in pas met die beleid vir die erkenning en meting van korttermynversekeringskontrakte, soos dit in SAICA Omsendskrywe 2/2007 en IFRS 4: Versekeringskontrakte uiteengesit word.

Kontrakte ingevolge waarvan die Groep 'n wesentlike versekeringsrisiko van 'n ander party (die polishouer) aanvaar deur te onderneem om die polishouer of ander begunstigde te vergoed indien 'n bepaalde toekomstige gebeurlikheid (die versekerde gebeurlikheid) die polishouer of ander begunstigde benadeel, word as versekeringskontrakte geklassifiseer.

'n Versekeringsrisiko word slegs as beduidend geag indien 'n versekerde gebeurlikheid kan meebring dat 'n versekeraar in enige scenario aansienlike bykomende voordele moet betaal, wat scenario's sonder enige kommersiële gronde uitsluit. Indien beduidende bykomende voordele betaalbaar sou wees in scenario's mét kommersiële gronde, kan bogenoemde voorwaarde nagekom word, selfs indien die versekerde gebeurlikheid uiters onwaarskynlik is of selfs indien die verwagte (dit wil sê waarskynlikheids-beswaarde) huidige waarde van moontlike kontantvloei 'n klein gedeelte uitmaak van die verwagte huidige waarde van al die oorblywende kontraktuele kontantvloei.

#### 1.30.2 ERKENNING EN METING VAN KONTRAKTE

##### a) Premies wat uit algemene versekeringsake spruit

Bruto geskrewe premies bestaan uit die premies op versekeringskontrakte wat gedurende die jaar gesluit is. Premies word geopenbaar voor aftrekking van



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

kommissie betaalbaar aan tussengangers, en sluit belasting en heffings op grond van premies uit. Premies word as inkomste verantwoord by die aanvang van die risiko met betrekking tot die versekeringspolis.

## b) Voorsiening vir onverdiende premies

Die voorsiening vir onverdiende premies bestaan uit die gedeelte van bruto geskrewe premies wat verband hou met die onverstreke termyn op die verslagdoeningsdatum, en wat na raming in die volgende of latere finansiële jare verdien kan word. Die voorsiening vir onverdiende premies word afsonderlik vir elke versekeringskontrak op 'n toepaslike grondslag vir die groep se aflossing van versekeringsrisiko bereken, en wel met behulp van die 365ste metode.

## c) Eise wat spruit uit versekeringsaak

Eise opgeloopten opsigte van versekeringskontrakte bestaan uit eise en eisehanteringsuitgawes gedurende die finansiële jaar, sowel as die beweging in die voorsiening vir eise opgeloopten dog nog nie aangemeld nie. Voorsienings vir eise opgeloopten dog nog nie aangemeld nie bestaan uit voorsienings vir eise wat uit versekerde gebeure spruit wat voor die datum van die staat van finansiële posisie plaasgevind het, maar wat nog nie op daardie datum by die Groep aangemeld is nie.

## d) Voorsiening vir uitstaande eise

Voorsiening word gemaak vir die geraamde finale koste van alle eise wat nog nie teen die verslagdoeningsdatum afgehandel is nie, minus bedrae wat reeds betaal is. Aanspreeklikheid vir onbetaalde eise word geraam aan die hand van die takserings wat vir individuele sake by die Groep aangemeld is sowel as statistiese ontledings, ten einde die koste te bepaal van meer komplekse eise wat deur eksterne faktore geraak kan word. Die Groep verdiskonteer nie sy aanspreeklikheid vir onbetaalde eise nie.

## e) Gebeurlikheidsreserwe

'n Gebeurlikheidsreserwe word kragtens die Versekeringswet van 1998 in stand gehou. Om dié reserwe in geval van 'n katastrofe te benut moet goedkeuring van die Raad op Finansiële Dienste verkry word. Oordragte na hierdie reserwe word in die staat van verandering in ekwiteit weergegee, en word as 'n nie-uitkeerbare reserwe onder kapitaal en reserwes in die staat van finansiële posisie aangetoon.

Die gebeurlikheidsreserwe word op 10% van netto geskrewe premies gehandhaaf.

## f) Herversekering

Die Groep het sy risikoblootstelling gemeet, en besluit dat wesenslike herversekeringsdekking nie nodig is nie.

## g) Aanspreeklikhede en verwante bates ooreenkoms-tig die aanspreeklikheidstoereikendheidstoets

Aanspreeklikheidstoereikendheidstoetse word op die datum van elke staat van finansiële posisie op die Groep se versekeringsentiteite uitgevoer om die toereikendheid van kontraanspreeklikhede ná aftrekking van verwante uitgestelde verkrygingskoste en enige verwante bates (dit wil sê die 'waarde van verkrygde sake'-bates) te verseker. Die beste moontlike ramings van toekomstige kontraktuele kontantvloei en eisehanterings- en admini-

strasiekoste, sowel as beleggingsinkomste uit die bates wat sulke aanspreeklikhede rugsteun, word in dié toetse gebruik. Enige afwyking word onmiddellik teen wins of verlies verreken deur aanvanklik uitgestelde verkrygingskoste of 'waarde van verkrygde sake'-bates af te skryf, en daarna 'n voorsiening vir verliese te skep wat uit die aanspreeklikheidstoereikendheidstoetse spruit (die onverstreke risikovoorsiening).

## 1.31 Verwante partye

Individue, tesame met hul nabye familieledede, of entiteite word as verwante partye beskou indien die een party, hetsy direk of indirek, die vermoë het om die ander party te beheer, gesamentlik te beheer of 'n beduidende invloed oor die ander party uit te oefen in finansiële en/of bedryfsbesluitneming, of indien die partye gesamentlik beheer word. Kernbestuurspersoneel word omskryf as alle direkteurs van Shoprite Holdings Bpk en die Groep se hoofbedryfsfiliaal, Shoprite Checkers (Edms) Bpk.

## 1.32 Bedryfsegment-inligting

'n Bedryfsegment is 'n afdeling van die Groep wat met sakebedrywighede gemoeid is wat inkomste kan verdien en uitgawes kan aangaan; waarvan die bedryfsresultate gereeld deur die Groep se hoofbedryfsbesluitnemer (synde die direksie van Shoprite Holdings Bpk) nagesien word ten einde hulpbronne toe te wys en prestasie te beoordeel, en waarvoor finansiële inligting beskikbaar is.

Bedryfsegmente met soortgelyke ekonomiese kenmerke en soortgelyke produkte, dienste, klante, verspreidingsmetodes en regulatiewe omgewings word vir verslagdoeningsdoeleindes saamgevoeg.

### Die Groep het die volgende vier aanmeldbare segmente:

1. Supermarkte RSA – alle kleinhandelsake onder die handelsname Shoprite, Checkers, Checkers Hyper, Usave en Hungry Lion in Suid-Afrika wat produkte soos kos, klere, algemene handelsware, skoonheidsmiddels en alkohol verkoop
2. Supermarkte nie-RSA – alle kleinhandelsake onder die handelsname Shoprite, Checkers, Checkers Hyper, Usave en Hungry Lion buite Suid-Afrika wat produkte soos kos, klere, algemene handelsware, skoonheidsmiddels en alkohol verkoop
3. Meubels – alle kleinhandelsake onder die handelsname OK Furniture, OK Power Express en House & Home wat binne én buite Suid-Afrika handel dryf en produkte soos meubels, huishoudelike toestelle en tuisvermaakstelsels vir kontant of op krediet verkoop
4. Ander bedryfsegmente – alle ander sake wat nie onder bogenoemde segmente val nie wat binne én buite Suid-Afrika handel dryf, wat franchise-ondernemings sowel as klein- en groothandel in farmaseutiese produkte insluit

Hierdie segmente is uitgewys en saamgegroepeer aan die hand van die kombinasie produkte en dienste wat die segmente bied, en die geografiese gebiede waarin hulle sake doen.

### 1.33 Standaard, vertolkings en wysigings wat nog nie op Junie 2011 van krag was nie

Die Groep het die volgende nuwe standaard, en vertolkings van en wysigings aan bestaande standaard, wat nog nie op Junie 2011 van krag was nie, in aanmerking geneem:

Nommer	Titel	Van krag vir jaar geëindig
Wysigings aan IAS 24	Wysigings aan IAS 24 – Openbaarmaking van verwante partye	Junie 2012
IFRS 9	IFRS 9 – Finansiële instrumente	Junie 2014
Wysigings aan IFRIC 14	Voorafbetaling van minimum finansieringsvereiste (wysigings aan IFRIC 14)	Junie 2012
Wysigings aan IFRS 7	Wysigings aan IFRS 7: Verbeterde openbaarmaking van finansiële bates uitgereik	Junie 2012
Verskeie	Verbeterings aan IFRS'e 2010	Junie 2012
AC 504	IAS 19 (AC 116) – Die beperking op omskrewesvoordeel-bate, minimum finansieringsvereistes, en hul interaksie in die Suid-Afrikaanse pensioenfondssomgewing	Junie 2012
Wysigings aan IFRS 1	Wysigings aan IFRS 1: Hiperinflasie en verwydering van vaste datums vir Eerstekeertoepassers	Junie 2012
Wysigings aan IAS 12	Wysigings aan IAS 12: Uitgestelde belasting: Verhaling van onderliggende bates	Junie 2013
IFRS 10	Gekonsolideerde finansiële state	Januarie 2013
IFRS 11	Gesamentlike Reelings	Januarie 2013
IFRS 12	Openbaarmaking van belange in ander ondernemings	Januarie 2013
IFRS 13	Meting van Billikewaarde	Januarie 2013
Wysigings aan IFRS 1	Items van ander omvattende inkomste se aanbieding	Julie 2012
IAS 19	Werknemers Voordele	Januarie 2013
IAS 27	Afsonderlike Finansiële State	Januarie 2013
IAS 28	Belegging in geassosieerdes en gesamentlike ondernemings	Januarie 2013

55

Die Groep het nie enige van die bostaande vroeër toegepas nie, en die toepassing daarvan in toekomstige finansiële tydperke sal na verwagting geen beduidende impak op die Groep se aangemelde resultate, finansiële posisie of kontantvloeï hê nie.

### 1.34 1.34 Standaard, vertolkings en wysigings van krag op Junie 2011

Die volgende nuwe standaard, en vertolkings van en wysigings aan bestaande standaard, wat op Junie 2011 van krag was, het geen beduidende effek op die Groep se werksaamhede gehad nie:

Nommer	Titel
Wysigings aan IFRS 1	Wysigings aan IFRS 1: Eerstekeertoepassing van Internasionale Finansiële Verslagdoenings Standaard
Wysiging aan IFRS 2	Wysiging aan IFRS 2 – Aandeelgebaseerde betalings: Vestigingsvoorwaardes en kansellاسies
Wysiging aan IAS 32	Wysiging aan IAS 32 – Klassifikasie van Regte uitgifte
IFRIC 19	IFRIC 19: Aflossing van Finansiële Aanspreeklikhede met Ekwiteits instrumente
Verskeie	Verbeterings aan IFRS'e (Uitgereik April 2009)



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

## 2 BEDRYFSEGMENT-INLIGTING

### 2.1 Ontleding per aanmeldbare segment

	Junie 2011				
	Supermarkte RSA R'000	Supermarkte nie-RSA R'000	Meubels R'000	Ander bedryf- segmente R'000	Gekonsolideer R'000
Verkoop van handelsware					
Ekstern	57 213 793	7 316 698	3 059 648	4 707 638	72 297 777
Intersegment	1 512 692	—	—	—	1 512 692
	58 726 485	7 316 698	3 059 648	4 707 638	73 810 469
Handelswins	3 302 262	415 524	131 484	137 427	3 986 697
Waardevermindering en amortisasie	831 309	111 274	41 025	22 834	1 006 442
Totale bates	14 600 472	2 996 263	2 035 346	1 071 676	20 703 757

	Junie 2010				
	Supermarkte RSA R'000	Supermarkte nie-RSA R'000	Meubels R'000	Ander bedryf- segmente R'000	Gekonsolideer R'000
Verkoop van handelsware					
Ekstern	53 367 171	7 163 977	3 002 589	3 868 703	67 402 440
Intersegment	1 366 181	—	—	—	1 366 181
	54 733 352	7 163 977	3 002 589	3 868 703	68 768 621
Handelswins	2 755 207	485 799	131 213	118 222	3 490 441
Waardevermindering en amortisasie	759 170	86 022	41 318	9 609	896 119
Totale bates	12 048 136	2 876 407	1 981 388	1 085 766	17 991 697

### 2.2 Geografiese ontleding

	Junie 2011		
	Suid-Afrika R'000	Buite Suid-Afrika R'000	Gekonsolideer R'000
Verkoop van handelsware – ekstern	64 068 311	8 229 466	72 297 777
Nie-bedryfsbates*	7 569 684	1 327 416	8 897 100

	Junie 2010		
	Suid-Afrika R'000	Buite Suid-Afrika R'000	Gekonsolideer R'000
Verkoop van handelsware – ekstern	59 378 057	8 024 383	67 402 440
Nie-bedryfsbates*	6 045 669	1 148 604	7 194 273

\*Nie-bedryfsbates bestaan uit eiendom, aanleg en toerusting, ontasbare bates en opgelope bedryfshuur met vaste eskalاسie.

Die grondslag vir verslagdoening oor segmentele finansiële inligting is ingevolge die voorskrifte van IFRS 8, Bedryfsegmente, verander. Bedryfsegmente is geïdentifiseer op grond van finansiële inligting wat die direksie van Shoprite Holdings Bpk (synde die hoof besluitnemer van die Groep ingevolge die IFRS 8-voorskrifte) gereeld vir prestasiebeoordeling en hulpbrontoewysing gebruik het.

## MAATSKAPPY

## GROEP

Junie 2010 R'000	Junie 2011 R'000		Junie 2011 R'000	Junie 2010 R'000
—	—	<b>3 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING</b>		
—	—	<b>3.1 Grond teen koste</b>	827 698	676 620
		<b>3.2 Geboue</b>		
		Koste	2 540 157	2 108 357
		Opgelope waardevermindering en waardedaling	(154 792)	(152 626)
—	—	Drawaarde	2 385 365	1 955 731
		Besonderhede van grond en geboue lê ter insae by die geregistreerde kantoor van die Maatskappy.		
		<b>3.3 Masjinerie, toerusting en voertuie*</b>		
		Koste	7 780 263	6 452 791
		Opgelope waardevermindering en waardedaling	(3 419 949)	(2 813 165)
—	—	Drawaarde	4 360 314	3 639 626
		*Sluit vliegtuig met 'n drawaarde van R78 miljoen in (2010: R127 miljoen).		
		<b>3.4 Verbeterings aan huureiendom</b>		
		Koste	828 105	468 773
		Opgelope waardevermindering en waardedaling	(232 733)	(163 073)
—	—	Drawaarde	595 372	305 700
—	—	Totale eiendom, aanleg en toerusting	8 168 749	6 577 677



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

## 3. EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (VERVOLG)

### Rekonsiliasie van drawaardes

	Grond	Geboue	Masjinerie, toerusting en voertuie	Verbeterings aan huur- eiendom	Totaal
Drawaarde op Junie 2009	455 140	1 498 219	3 145 753	260 475	5 359 587
Aankope	239 659	630 413	1 336 847	139 194	2 346 113
Oordrag na bates gehou vir verkoop (aantekening 4)	(4 770)	(15 994)	—	(1 278)	(22 042)
Verkryging van filiale en bedrywighede (aantekening 32.5.1)	—	—	7 985	—	7 985
Verkope	—	(21 036)	(42 279)	(50 326)	(113 641)
Opbrenge op verkope	—	(21 376)	(24 898)	(53 171)	(99 445)
Wins/(verlies) op verkope en skrappings	—	340	(17 381)	2 845	(14 196)
Waardevermindering	—	(24 279)	(781 329)	(42 662)	(848 270)
Terugskrywing van waardedaling (aantekening 3.5)	—	7 876	—	—	7 876
Waardedaling (aantekening 3.5)	—	(18 567)	(3 941)	—	(22 508)
Wisselkoersverskille	(13 409)	(100 901)	(23 410)	297	(137 423)
Drawaarde op Junie 2010	676 620	1 955 731	3 639 626	305 700	6 577 677
Aankope	203 103	722 982	1 705 964	221 224	2 853 273
Herklassifikasie	(55 571)	(140 913)	(12)	163 585	(32 911)
Herklassifikasie na sagteware	—	—	(145)	—	(145)
Oordrag na bates gehou vir verkoop (aantekening 4)	—	(55 808)	—	—	(55 808)
Oordrag vanaf bates gehou vir verkoop (aantekening 4)	—	—	—	6 989	6 989
Verkryging van filiale en bedrywighede (aantekening 32.5.1)	11 000	—	1 228	—	12 228
Verkope	—	(6 331)	(67 837)	(27 784)	(101 952)
Opbrenge op verkope	(27)	(90)	(33 371)	(29 994)	(63 482)
Wins/(verlies) op verkope en skrappings	27	(6 241)	(34 466)	2 210	(38 470)
Waardevermindering	(281)	(27 653)	(854 417)	(66 169)	(948 520)
Terugskrywing van waardedaling (aantekening 3.5)	—	4 984	—	—	4 984
Waardedaling (aantekening 3.5)	—	(16 745)	(44 590)	—	(61 335)
Wisselkoersverskille	(7 173)	(50 882)	(19 503)	(8 173)	(85 731)
Drawaarde op Junie 2011	827 698	2 385 365	4 360 314	595 372	8 168 749

MAATSKAPPY

GROEP

Junie 2010 R'000	Junie 2011 R'000		Junie 2011 R'000	Junie 2010 R'000
		<p><b>3 EIENDOM, AANLEG EN TOERUSTING (VERVOLG)</b></p> <p><b>3.5 Waardedaling/terugskrywing van waardedaling van eiendom, aanleg en toerusting</b></p> <p>Die verhaalbare bedrag van alle eiendom, aanleg en toerusting word bepaal op grond van die hoogste van die gebruikswaarde en billike waarde minus die koste om te verkoop. Die aannames en ramings wat die bestuur gebruik het om die verhaalbare bedrag te bepaal van bates waarvoor daar 'n beduidende waardedaling of terugskrywing van waardedaling is, word hier onder uiteengesit.</p> <p>Vir die bepaling van billike waarde minus die koste om geaffekteerde grond en geboue te verkoop, is kontantvloei projeksies gebruik wat berus op geprojekteerde netto markverwante huurgeld wat die volgende beplanningstydperk dek. 'n Gemiddelde kapitalisasiekoers van 9.43% (2010: 10.7%) voor inkomstebelasting, is gebruik.</p> <p>Ingesluit by herklassifikasies is 'n bedrag van R32,9 miljoen wat oorgedra is vanaf grond na vooruitbetaalde hure. Die bedrag is verwant aan die huur van grond vir tydperke wat strek tussen 42 en 99 jaar in verskeie Afrika lande.</p> <p>Die billike waarde minus die koste om geaffekteerde bates, met uitsondering van grond en geboue, te verkoop, is gegronde op die bestuur se beste ramings met inagneming van onlangse verkoopprijs wat vir soortgelyke bates in die Groep verkry is en die toestand van die betrokke bates.</p> <p>Die terugskrywing van waardedaling in die huidige en vorige finansiële jaar het plaasgevind weens verbeterings in die ekonomiese omgewing waarin Groepmaatskappye sake doen. Die oorspronklike waardedalingsuitgawe sowel as die terugskrywing is ingesluit by die staat van omvattende inkomste as items van 'n kapitale aard. Die oorsprong van hierdie waardedaling was in die Supermarkte RSA-bedryfsegment.</p>		
—	—	<p><b>4 BATES GEHOU VIR VERKOOP</b></p> <p>Drawaarde</p> <p>Die Groep se beleid is om slegs in vaste eiendom te belê indien geskikte huuruimte nie beskikbaar is nie. Sekere grond en geboue in sowel die RSA- as die nie-RSA-supermarksegment is as bates gehou vir verkoop herklassifiseer, aangesien die Groep van tyd tot tyd sy besit van vaste eiendom ooreenkomstig hierdie beleid heroorweeg. Die Groep soek tans daadwerklik na kopers vir hierdie eiendomme.</p> <p>Gedurende die huidige finansiële jaar is sekere eiendomme herklassifiseer na eiendom, aanleg en toerusting. Die verkoop van hierdie eiendomme is heroorweeg, aangesien dit nie meer ekonomies lewensvatbaar is nie. Hierdie besluit om te herklassifiseer het geen wesenlike effek op die Groep se resultate gehad nie.</p>	58 659	26 372
		<p><b>4.1 Rekonsiliasie van drawaarde</b></p> <p>Drawaarde aan die begin van die jaar</p> <p>Oordrag vanaf eiendom, aanleg en toerusting (aantekening 3)</p> <p>Oordrag na eiendom, aanleg en toerusting (aantekening 3)</p> <p>Opbrengs op verkope</p> <p>Wins op verkope</p> <p>Aankope</p> <p>Wisselkoersverskille</p> <p>Drawaarde aan die einde van die jaar</p>	26 372 55 808 (6 989) (28 360) 12 868 — (1 040)	5 168 22 042 — (1 011) 163 77 (67)
—	—		58 659	26 372



# Aantekeninge by die Finansiële Jaarstate (vervolg)

Shoprite Holdings Bpk en sy Filiale vir die Jaar Geëindig Junie 2011

## MAATSKAPPY

## GROEP

Junie 2010 R'000	Junie 2011 R'000		Junie 2011 R'000	Junie 2010 R'000
211 490	211 490	<b>5 BELANGE IN FILIALE</b>		
1 443 013	1 443 013	Beleggings in gewone aandele		
76 308	10 774	Beleggings in voorkeuraandele		
1 730 811	1 665 277	Bedrae deur filiale verskuldig	—	—
1 654 503	1 654 503	Ontleding van totale belange in filiale		
76 308	10 774	Nie-bedryfsbates		
1 730 811	1 665 277	Bedryfsbates	—	—
		'n Uitvoerige ontleding van die Maatskappy se belange in filiale word in bylae A verskaf.		
		Beleggings in voorkeuraandele bestaan uit omsetbare en aflosbare nie-kumulatiewe voorkeuraandele, albei op bepaalde voorwaardes.		
		Bedrae deur filiale van die Maatskappy verskuldig, is rentevry, onverseker, en op aanvraag betaalbaar.		
		<b>6 BELEGGINGS BESKIKBAAR VIR VERKOOP</b>		
—	—	Ongenoteerde aandelebeleggings		
		Ontleding van totale beleggings beskikbaar vir verkoop		
		100 'S'-klas- gewone aandele in RMB Global Solutions (Edms) Bpk	59 656	57 389
